Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 8
Augustus 2003

Mandela 85

Die driedaagse makietie vir *Madiba* se 85ste verjaarsdag het allerhande interessante reaksies opgelewer.
Aan die een kant is daar diegene wat Mandela as ‘n soort van halfgod vereer. ‘n Voorbeeld daarvan is die plaaslike ANC-lid wat voorgestel het dat Mandela na sy dood nie soos ‘n gewone mens begrawe moet word nie, maar dat sy lyk gebalsem en in ‘n glaskis uitgestal moet word.
Aan die ander kant is daar onder die blankes nog steeds mense wat Mandela as ‘n terroris beskou. Vir party mense is hy niks minder nie as ‘n instrument in die hande van die Antichris.
Natuurlik is daar dan nog ‘n groot groep wat daarvan hou om neerhalende opmerkings oor Mandela te maak, maar wat diep in hulle hart baie dankbaar is dat hy na sy vrylating so ‘n versoeningsgesinde houding aangeneem het.

Hoe behoort ons as Christene oor Mandela te dink en te praat? Moet ons huil en weeklaag oor die rol wat hy gespeel het, of behoort ons dankbaar te wees? Kom ons stel die vraag ‘n bietjie anders: *Kan ons die Here dank vir Mandela?*

Ons meen dat die antwoord positief moet wees. Dink ‘n bietjie terug aan hoe die situasie sowat tien jaar gelede was. Hoe bevrees was ons dat die situasie sou hand uit ruk, dat daar chaos sou kom, dat die swart mense sou wil wraak neem, dat die ekonomie sou platval, ensovoorts. Hoe is daar in ons kerke nie gebid nie!

Nelson Mandela was ‘n belangrike faktor in die totstandkoming van ‘n nuwe politieke bedeling waarin kinders van die Here in vrede kan asemhaal. In vergelyking met wat kon gebeur het, is die situasie vandag merkwaardig vreedsaam en stabiel.

Uit die Skrif weet ons dat niks by toeval gebeur nie. Die owerhede wat daar is, is deur God ingestel (Rom. 13:1). Ons weet ook dat die Here die hart van die koning lei soos waterstrome (Spr. 21:1). Daar is voorbeelde van heidense konings wat deur die Here gebruik is in diens van sy verlossingsplan, byvoorbeeld die Persiese koning Kores. In die boek Jesaja word hy selfs die Here se “herder” en sy “gesalfde” genoem (Jes. 44:28, 45:1).

Ons mag aanvaar dat ook Mandela – of hy dit besef of nie – ‘n instrument in die Here se hand was om vele gebede te verhoor. Dit beteken nie dat ons al Mandela se oortuigings en dade goedkeur nie. Om ‘n voorbeeld te noem, sy geloof in die basiese goedheid van die mens is verwerplik. Nogtans het die Here hom gebruik vir *sy* doeleindes.

Laat die wêreld makietie hou vir Mandela.
As Christene sal ons die Here dank vir hom.

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Siekte en genesing

- **Die ervaring van siekte 3**
- **Siekebesoek 6**
- **Siekesalwing 8**
- **Die mense agter die skerms 12**

- Ds. Mendel Retief 2
- “The Afrikaners” 14
  “*Sending het ‘n groot rol gespeel in die ontwikkeling van Suid-Afrika”*
- Die Bybel: geloofwaardig vir wie? 16
  “Die bruikbaarheid en geloofwaardigheid van ‘n teks het ook met die houding van die leser te make.”
- Oefening in die Godsvrug 17
- Samewerking tussen die ampte (II) 19

DS MENDEL RETIEF BEVESTIG IN SPRINGS GEMEENTE

Hilko Lubbinge

KERKNUUS

Emeritus predikant ds. P.J. Retief mog op Sondag 20 Julie 2003 die leisels van sy gemeente te Springs aan sy seun ds RM Retief oorgee. Tydens 'n erediens is die jong ds Mendel Retief in die amp van predikant bevestig.

Dit was 'n feestelike gebeurtenis, nie net vir die gemeente in Springs nie maar ook vir die kerkverband. Ds Kleijn van die gemeente Pretoria, het die bevestiging van ds RM Retief waargeneem. Hoe mooi was dit dat ds Kleijn en ds Mendel Retief se pa daarna saam die seën van die Here oor die nuwe bedienaar van die Woord mog bid. Afgevaardigdes van Bethal, Johannesburg, Pretoria en Pretoria- Maranata het dit bygewoon, terwyl Kaapstad vanweë die groot afstand gelukwensings per brief gestuur het. Die afgevaardigdes het gelukwensings oorgedra en ds Mendel Retief en die gemeente van spring bemoedig vanuit die Skrif. Na die bevestiging het die afgevaardigdes en die tientalle besoekers egte Afrikaanse gasvryheid ervaar deur saam met die gemeente van Springs 'n oorvloedige en heerlike vingerete te nuttig.

Ds Retief (senior) het uit Jesaja 42 en Markus 13 gelees terwyl die preek uit Jesaja 62 vers 6 en 7 was. Juda lewe in 'n droewe tyd wanneer Jesaja hierdie woorde spreek. Die tien stamme is weggevoer en die vyand val Juda ook binne. Dit lyk asof God se werk binnekort tot niet sal gaan. Dan gee die HERE beloftes van heil. Jesaja roep die volk op om die HERE aan sy beloftes te herinner. Ook vandag werk die HERE. Ook vandag geld God se beloftes aan die Kerk. Die HERE wil nie hê dat ons moet swyg nie. Vandag breek 'n wonderlike tyd vir die gemeente van Springs aan. 'n Dienaar van die HERE word vir sy taak afgesonder. Die HERE gee wagte wat nie swyg nie.

Die wagte het 'n verantwoordelike taak. Wee die wagte wat die skape nie oppas nie, wat nie waarsku nie. 'n Wag kompeteer nie met die vermaak van die wêreld nie. Die HERE vra eenvoudig trou in sy diens. Die wagte kry 'n verbasende opdrag. "*O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die HERE herinner aan sy beloftes - moenie rus nie."* (Jes. 62:6) Die wagte moet God herinner aan sy beloftes. Nie dat God vergeet nie. Maar Hy wil hê dat Hy herinner moet word aan sy beloftes. (Aldus ds Retief in sy preek)

Seënbede met handoplegging deur ds. Kleijn en ds. Retief

Ons lewe in 'n onverskillige tyd. Min mense stel nog belang om na die Woord van die Here te luister. In hierdie omstandighede word 'n bedienaar van die Woord van die HERE in 'n klein gemeentetjie in Springs bevestig. Lyk dit nie soos niks in ons oë nie? Om van die wêreld se siening nie eers te praat nie. Sal die klein gemeente kan voortbestaan? Wat is die kanse op groei?

Dit is in hierdie omstandighede waar ons in geloof moet vashou aan die Here. Hom herinner aan sy beloftes. Hy het belowe dat Hy sal voortgaan met sy kerkvergaderende werk totdat Hy weerkom op die wolke. Sy Woord moet onder al die nasies verkondig word. Die bevestiging van 'n predikant in 'n klein kerkie in 'n klein kerkverband mag dan geen aandag trek, of belaglik wees in die oë van die wêreld. In die hemel was dit hoofnuus.

Vanaf Kompas wil ons die gemeente en ds Mendel Retief baie geluk sê met hierdie blye gebeurtenis. Staan vas en wees trou in die Here. Wees 'n kandelaar in Springs wat sy lig uitstraal in die hele omgewing. Hou vas aan die beloftes wat die Here gegee het, en Hy sal dit volbring. ¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

DIE ERVARING VAN SIEKTE

Dr. Hanno Boon

TEMA: SIEKTE EN GENESING

As gevolg van die sondeval het die gebrokenheid van die mens se liggaam en gees in die wêreld gekom. Niemand van ons kan dit vryspring nie. Elke mens word in sy lewe 'n keer siek. Sommige akuut en ander chronies, en ander albei. Sommige word op jong ouderdom al baie siek, ander eers baie later. Siekte is deel van ons bestaan. Dokters en hospitale sal in hierdie lewe altyd werk hê. Die mens en die skepping sug onder die juk van die sonde (Rom. 2). Wat is dan die betekenis van siekte? Waarom laat die Here ons siek word? Hoe word siekte ervaar – is dit maar willekeurig of gaan die Skrif ons voor in hoe ons siekte ervaar?

Baie vrae en dikwels nie baie duidelike antwoorde nie. Tog gee die Skrif ons riglyne oor die betekenis en ervaring van siekte. Daar is voorbeelde in die Skrif van hoe gelowiges siekte ervaar het, en vir watter doel die Here siekte gebruik het. In elke siekte mag ons gelowig God se hand bely. Immers Hy laat niks per toeval oor ons kom nie, maar laat alles juis uit sy Vaderhand ons toekom.

JOB

Kom ons neem Job as eerste voorbeeld. Ons lees in die boek Job oor baie simptome wat hy ervaar het. Hy ervaar liggaamlike en geestelike simptome. Sy liggaam is met korste en etter oordek. Die siekte veroorsaak 'n aaklige gejeuk en borende pyne. Ons lees dat hy nie meer kan eet as gevolg van die pyn nie. Job ervaar ook erge depressie. Ja, die boek Job vertel vir ons breedvoerig en baie akkuraat oor al die simptome van sy siekte. Ons kan drie dinge raaksien (daar is natuurlik meer) in die siekte van Job.

1. Satan kan siekte veroorsaak. Dit gaan egter nie buite die regering van God om nie. Satan het wel kwaad teen Job bedink, maar God het dit ten goede laat meewerk (vgl Gen 50:20).

2. Job bring tweedens niks teen God in as hy siek word nie. Elke moontlike siekte kan hom oorval soos vir alle mense. God bring siekte oor regverdige en goddelose mense. 'Die vrome en regverdige vernietig Hy' (Job 9:22). Kan ons as kinders van die HERE, God tot verantwoording roep as ons siek word? As God ons met gesondheid seën, is dit onverdiende genade. As Hy siekte toelaat, is Hy regverdig. In Adam het ons almal die gesondheid van die paradys verloor.

3. Ons mag leef in die verbond met die HERE. Ook in ons siekte en moeite. Want die God wat beloof het is getrou. Ook in ons siekte lê ons genesing buite onsself vas in die HERE wat ons vashou. Job bely wat Paulus later bely: 'Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.' (Rom 8:35-37). Paulus haal hier Psalm 44 aan. Lees gerus hierdie hele psalm. Ook in hierdie psalm worstel die digter met die hand van die HERE in teëspoed en benoudheid. Maar hy mag ook rus vind by die verbondstrou (= goedertierenheid) van die HERE wat hy leer ken het uit die geskiedenis. Job worstel met die bedoeling van die Here in sy teëspoed en siekte. Daarmee is niks verkeerd nie. As verbondskind van die Here worstel ons juis met die Here omdat ons weet dat Hy met die teëspoed ook die uitkoms gee, volgens sy wil.

Ons mag dit ook bely noudat ons agter die lyding en opstanding van Jesus Christus staan. In ons siekte mag ons ons optrek aan Hom wat ons eerste liefgehad het.

HISKIA

Nou 'n tweede voorbeeld: Hiskia. Hiskia het siek geword. Waarom het hy siek geword? Hierdie koning was tog trou. Hy het hom tog aan die verbond van die HERE gehou. Hy het die HERE opreg gedien. In alles het hy die HERE geraadpleeg en gebid vir sy raad. Hy het niks gedoen wat teen die Woord van die HERE was nie. Tot drie keer word daar in die Skrif vertel van die siekte van Hiskia. (2 Kron 32:24-33; 2 Kon 20:1-21; Jes 38). Dit is duidelik uit 2 Kon 20:3 dat Hiskia 'n godvresende man was. Daar was niks tussen hom en die HERE nie. Ná sy siekte is daar egter wel sprake van God se toorn teen die koning. Maar nie voor sy siekte nie. Ook nie tydens sy siekte nie.

Ons sou kon sê dat die koning 'gewoon' siek geword het. Net soos wat elke mens siek kan word. As Hiskia bid tot die HERE dan kan hy terwyl hy om beterskap smeek, wys op die verbondstrou waarin hy gelewe het: 'Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed was in u oë.' Ja, dit mag ons as kinders van die Here doen. Dink maar aan hoe Dawid in Psalm 26 bid: 'Doen aan my reg, o HERE, want ek wandel in my opregtheid en vertrou op die HERE sonder om te wankel.' (Psalm 26:1).

Die HERE het die smeekstem van Hiskia gehoor. Wat was die inhoud van die gebed van Hiskia? Was dit die smeekstem om gesondheid ter wille van sy eie lewe? Wou hy graag weer gesond wees om sy eie stokperdjies te beoefen? Nee, ons lees iets anders in die Bybel. Dit gaan vir Hiskia oor die lof aan die HERE. Om weer die trou van die HERE aan die kinders bekend te maak (Jesaja 38:19). Want die kinders moet uiteindelik die vaandel van die HERE verder dra. Hiskia bid om genesing sodat hy verder kan werk aan die reformasie van die kerk. Sy gebed is nie egosentries nie, maar priesterlik en

profeties wil hy sy roeping in diens van God se koninkryk voortsit. Sy gebed fokus op die lof van die HERE. Dit sien ons ook duidelik in die lied van Hiskia. Hierdie lied sing hy nadat die HERE genesing geskenk het (Jesaja 38:9-22).

Die HERE verhoor die gebed van Hiskia. Hy herstel hom van die dodelike siekte. Weereens weet ons nie presies watter siekte Hiskia gehad het nie. Ons kan dink aan 'n vinnig verlopende kanker, ernstige infeksie of 'n abses wat sistemies versprei het.

Die HERE wil Hiskia nog sterker bepaal by sy taak en roeping in die voortgaande reformasie van die koningshuis van Dawid. Hy wil hom nog sterker aan sy heilshistoriese plan verbind. Dit is hierdie plan waaraan die HERE deur die siekte van Hiskia nog verdere stukrag wil verleen. Die HERE wil hierdie ampsdraer verbind aan sy lewensopdrag. Hy mag nog vyftien jaar verder werk aan die reformasie van die kerk.

En so kan die HERE ook nog vandag met sy regverdige kinders handel. As ons as regverdige kinders van die HERE siek word, mag ons ook daaraan dink dat die HERE die siekte kan gebruik om ons nog vaster aan Hom te verbind. As ons as gelowiges siek word is dit dus nie maar net die gevolg van biomediese oorsake en gevolge nie, maar gebruik die Here dit in sy koninkryksplan. Hy kan ons daardeur tot *bekering* en *verdere toegewyde diens* in sy koninkryk roep. Ja, om ons verder aan sy koninkrykswerk te verbind. Ook ons siekte kan die HERE gebruik in sy heilshistoriese plan in die jaar 2003, as Hy heenwerk na die vervulling van sy beloftes.

DAWID

Maar soms gebruik die Here ook siekte in toorn. Dawid se seuntjie moet sterf. Natan bring die berig aan Dawid na sy owerspel: Die kind wat gebore is sal sekerlik sterwe. (2 Sam. 12:14). Self sal Dawid nie sterf nie, omdat hy berou gehad het oor die sonde. Ons lees dat die Here Dawid se sonde vergewe het. Dawid smeek dan vir die HERE, terwyl hy 'n lang tyd gevas het, of Hy nie die lewe van die kind wil spaar nie. Die HERE verhoor nie die gebed van Dawid nie. Na 'n week sterf die kind. Natan maak dit baie duidelik: 'Omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind sekerlik sterwe.' Ons lees in 2 Sam. 12:15, dat die HERE die kind wat die vrou van Uria vir Dawid gebaar het, getref het, sodat die kind ernstig siek geword het. Een ding is duidelik. Die pa van die kind het teen die HERE gesondig. Hy het hom vergryp aan die volk van die HERE wat Hy moes versorg. Dawid het nie in die eerste plek as individu gesondig nie, maar as koning. Hy het owerspel gepleeg en ook Uria aan die front van die geveg deur die swaard van die vyand vermoor. Die koning het die verbondswet (Ex. 20:1-17) sowel as die koningswet (Deut 17:14-20) oortree. Hy moes 'n herder vir die volk van die HERE wees, maar hy het hom gedra soos 'n Oosterse tiran ten koste van sy onderdane. So 'n koning kan God nie gebruik nie.

Daar is nog meer voorbeelde uit die Skrif. Siekte kom na ons ja, as gevolg van die sonde, maar die Here gebruik dit in sy raad. Daar is 'n skriftuurlike manier om siekte te ervaar. Maar is daar ook riglyne hoe die Here van ons verwag om siekte te ervaar?

Ons bely dat ons in lewe en sterwe aan Jesus Christus toebehoort en deel het aan sy salwing. Dit geld ook op ons siekbed en daarom moet ek ook op my siekbed sy Naam bely (profeties), my lewe as lewende dankoffer aan Hom toewy (priesterlik) en in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel stry (koninklik).

AGTER CHRISTUS AAN

Die taak van die pasiënt is agter Christus aan. Christus het al ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (Jes 53:4). Christus kon ook self siek word. Omdat Christus ook ware mens is, het Hy ook gebuk gegaan onder die gevolge van die sonde. Hy het self daaronder gely sodat Hy ons kan help wat siek word.

Christus se lyding was baie meer en dieper as wat ons ons kan voorstel en wat ons lyding ooit kan wees. En tog was Hy ook is sy lyding profeet, priester en koning. Dit beteken dus dat as ons agter Christus aan ons kruis opneem ons ook in siekte profeet, priester en koning mag wees. Dit kan juis omdat Christus ons voorgegaan het. Dit werk bevrydend, veral as ons siek is, om te weet dat ons ook in ons siekte agter Christus mag aangaan. En dat dit selfs 'n taak meebring. Ook op ons siekbed mag ons 'n getuienis vir Christus wees.

ONS ERVAAR ONS SIEKTE PROFETIES

Profeties mag ons weet en bely dat Christus ons Koning en Geneesheer is. Om profeet op jou siekbed te wees beteken dus om jou afhanklikheid van God te bely, en te bely dat niks sonder die wil van ons hemelse Vader oor ons kom nie (Sondag 10). Ook die siekte kom nie per toeval nie, maar uit God se vaderhand na ons toe.

Verder kan ons daarom profeties bely dat die Here ons deur die hand van die dokter, verpleegster, en ander terapeute wil versorg. As daar 'n blindederm verwyder moet word, of 'n ingrypende diagnostiese toets gedoen moet word. Ook as dokters in onvolkomendheid 'n fout maak wat dalk ernstig mag wees. Ons is nie soos die wêreld wat vasstaar op die hier en nou nie, nee ons is profete wat bely dat daar geen toeval uit God se vaderhand kom nie.

Verder bely ons ook God se lewenswette. Ook oor die liggaam en gees wat Hy ons gegee het. Selfs al is ons liggaam verteer deur kanker, het ons nogtans 'n profetiese taak. En dan kan ons rustig bely dat ons tye in die hand van die HERE is. Dan dink ons nie of neem nie deel aan eutanasie en vra ons ook nie aan die dokter om ons daarmee te assisteer nie. Ook op ons siekbed bely ons God se lewenswette. "Want ek het geword

soos 'n leersak in die rook, maar U insettinge het ek nie vergeet nie." Ps. 119:83. Dan kan ons getuig van God se vaderhand, ook vir hulle wat ons versorg.

ONS ERVAAR ONS SIEKTE PRIESTERLIK

Priester wees beteken 'n lewe van offer en diens, ook op die siekbed. God vra ook hierdie taak. Diensbaarheid op die siekbed - selfs al is geen beweging meer moontlik nie, en is jy vasgekluister aan die bed. Dan kan jy nog 'n baie groot diens doen. 'n Diens wat seker met die meeste energie gelaai is. Dit is om te bid. Die Heilige Gees leer ons dat die gebed van die regverdige groot krag (energie) het. Al biddend kan die gelowige op sy siekbed voorbidding doen vir die kerk en God aan sy beloftes herinner (Jes 62:6).

Ja, dit beteken dat sy gebed nie alleen om sy eie siekte sirkel nie, maar dat dit na die wêreldwye werk van ons Koning uitkring. So is die sieke enorm diensbaar. Maar ook sy eie siekte mag die sieke aan die HERE opdra. "Open maar jou mond, eis van my vrymoedig", Ps 81. Dat die HERE ook sodanig herstel mag gee dat jy weer God mag dien in die roeping waarin Hy jou gestel het. Maar indien dit God se wil is om siek te bly, dat jy dit ook so mag aanvaar uit God se vaderhand.

ONS ERVAAR ONS SIEKTE KONINKLIK

Ons ervaar ons siekte koninklik. Dit hou eerstens 'n stryd teen die siekte in, 'n gevolg van die sonde. Hierdie stryd is agter Christus aan. Christus het in sy genade dokters, verpleegsters en ander kundigheid oor jou as sieke gestel. Dit is slegs moontlik gemaak deur Christus se oorwinning. Die pasiënt is in hierdie stryd medewerker. Sy taak is om die raad en behandeling van die dokters so getrou moontlik na te volg - dus om die instrumente wat Christus gee te gebruik. Christus is immers die een wat genesing skenk.

Verder het jy as sieke ook 'n stryd teen jou eie sondige natuur. Dit verlaat mens nie as jy siek is nie. Hierdie stryd gaan voort en kan selfs feller word. Die Satan ontsien nie 'n prooi wat gewond is nie. Opstandige gedagtes, selfgesentreerdheid en bejammering verhoed ons dikwels om ons taak uit te voer.

Dus ook op die siekbed moet 'n mens die wapenrusting van God aantrek, om die pyle van die bose te kan uitblus. Hierdie aantrek van die wapenrusting is definitief 'n koninklike taak (Ef. 6). Dit behels onder andere ook om die Skrif te bestudeer - hetsy self of as iemand voorlees. Om jouself te voed en te bewapen. Juis as jy siek is, het jy dit enorm nodig. Hierdie stryd beteken ook om nee te sê vir behandelingsopsies wat teen God se Woord ingaan.

Ons sien dat ons in die ervaring van ons siekte agter Christus mag aangaan. Ja ook siekwees, selfs al is die siekte dodelik mag ons in afhanklik aan Christus ervaar. Dit is moontlik omdat die verlossingswerk van Christus ook oor ons siekbed hang. Hy het ons voorgegaan, ons hoogste Profeet, Priester en Koning. Dit plaas ons siekte in die regte perspektief.

(In hierdie artikel is dankbaar gebruik gemaak van die boekie: JJ Arnold. Wie is hier niet verlegen, over ziekenbezoek. Goes: Oosterbaan & Le Cointre BV. 2de druk; 1991.) ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

"Twaalf maal geseënd" is die titel van die nuwe prekebundel uit die hand van ds Gerard Meijer. Veertien preke oor Genesis 49, waaroor ds Meijer self in sy voorwoord skryf: 'Jakob se seëninge vir sy twaalf seuns is stuk vir stuk profesieë wat in Christus hulle vervulling vind en op die kerk van Jesus Christus besondere betrekking het. By die aanhoor van die seëninge kom 'n mens diep onder die indruk van die profetiese vergesig waarmee die Gees van God die sterwende aartsvader, Jakob, begenadig het. Elke woord wat Jakob op sy sterfbed uitspreek, wys op die HERE se ryke verbondsgenade, sy dwingende verbondseise en onlosmaaklik daaraan verbind, sy regverdige verbondsoordele. Die toepaslikheid van die seëninge op ons kerkwees in die 21ste eeu is onmiskenbaar, duidelik en op die man af.'
Die prys is R49.

CD STH1400572: BACH – Cello en Harp (Anke Anderson en Mariëtte Gort). Sonate in G groot BWV 1027, Sonate in D groot BWV 1028 en Sonate in G klein BWV 1029.
Mooi! Prys R115

Massale samesang is te beluister op CD STH 196085. O.l.v. Dick Vermeulen en met begeleiding van Dub de Vries (orrel), Noortje van Middelkoop en Liselotte Fennema (panfluit), Liesbeth van der Blom (dwarsfluit) en Anjan van der Maten (hobo). Onder meer: Ps 42, Een Naam is onze hope, Ps 150 en Ambrosiaans lofgezang.
Prys R115

SIEKEBESOEK

Ds C Kleijn

TEMA: SIEKTE EN GENESING

Reëlmatig word daar siekebesoeke gebring. So behoort dit binne die gemeenskap van die heiliges te wees. God het ons immers geleer om mekaar se laste te dra. “As een lid ly, ly al die lede saam” (1 Kor. 12:26). Dit maak nie saak hoe dikwels jy sulke besoeke al gebring het nie, daar is elke keer weer ’n sekere verleentheid. Hoe moet ek die sieke benader? Wat moet ek sê? Nie een situasie is dieselfde as die ander nie. Mense ervaar siekte verskillend en reageer ook verskillend. Daar is swaarmoediges en blymoediges. Siekes wat opstandig is en siekes wat dit lydelik aanvaar. Aan die siekbed staan jy soms voor baie moeilike vrae, pynlike vrae. Wat moet jy maak? Dis nie sonder rede nie dat ds JJ Arnold, ’n ervare pastor, sy boek oor siekebesoek die titel gee: “Wie is hier niet verlegen?” Dit is daarom met skroom dat ek dit waag om oor siekebesoek te skryf. Ek besef dat ek self op hierdie gebied nog baie te kort skiet.

VOORBEREIDING

Dit is nie moontlik om die siekebesoek tot in besonderhede voor te berei nie. So ’n uitgewerkte plan sou ’n werklike ontmoeting met die sieke in die pad kan staan. As ek alles wat ek gaan sê van te vore bepaal het, dan kan dit die gesprek domineer waardeur die sieke nie werklik die ruimte kry om hom te uit nie. Bowendien verloop die gesprek dikwels anders as wat ons verwag het. Die situasie wat jy vandag aantref kan heeltemal anders wees as die situasie van ’n paar dae gelede. Die vorige keer het dit miskien gelyk asof die sieke sy siekte blymoedig gedra het, terwyl hy nou skielik opstandig kan wees.

Tog is ’n goeie voorbereiding op die besoek baie belangrik. Probeer om van te vore die omstandighede van die pasiënt in beeld te kry en jou dit in te leef. Watter impak het die siekte op die sieke en sy gesin? Jy wil die persoon ontmoet waar hy is en van daaruit met hom praat oor die dinge wat in daardie situasie vir hom belangrik is.

Dit is goed om ook eerlik te kyk na jou eie motiewe vir die besoek. Waarom gaan jy by die sieke op besoek? Is dit omdat jy jouself daartoe verplig voel? Omdat jy jou gewete wil ontlas? Omdat jy goed oor jouself wil voel en ’n dankie wil ontvang? Omdat jy medelyde met die sieke het? Omdat die sieke jou graag wil sien? Omdat jy lief vir die sieke is en hom wil help om sy siekte in geloof te verwerk? Die houding waarmee jy na die sieke toegaan sal grotendeels die verloop van die besoek bepaal. Indien ek meer op myself gerig is as op die sieke, dan sal die sieke nie werklik gehelp word nie. God vra van ons dat ons mekaar deur die liefde dien. En liefde soek nie sy eie belang nie, maar die van die naaste. Ook al kan dit gebeur dat verkeerde motiewe aanvanklik ’n rol speel, moet ons uiteindelik tog deur die liefde gedryf word. Eers dan kan ons werklik die sieke dien. Bewaak daarom jou hart.

DIE REGTE TYD

Die liefde hou rekening met die sieke, ook in die kies van ’n tyd om die sieke te besoek. Belangrik is nie of dit my pas nie, maar of dit die pasiënt pas. Die pasiënt het meestal vaste tye waarop hy moet eet en rus. Moenie hom daarin steur nie. Of hy voel hom te siek om mense te ontvang. Of hy het reeds ’n paar mense op besoek gehad en is nou te moeg om nog iemand te ontvang. Of hy het op die oomblik ander mense op besoek waarby hy liefs nie gesteur wil word nie. Waar liefde heers daar is ek nie verbaas, laat staan beledig, wanneer ek hoor dat ’n besoek nou nie geleë kom nie. Indien die pasiënt in die hospitaal lê is dit belangrik om rekening te hou met die tye waarop die huisgenote en intieme vriende daar op besoek is. Die eie man, vrou of kinders het maar ’n beperkte tyd waarop hulle bymekaar kan wees en wil moontlik nie daarin gesteur word nie. Meestal is dit verstandig om eers by die familie te peil of ‘n besoek waardeer word en wat die beste tyd is.

By die voorbereiding tot die besoek behoort ook dat jy ons getroue Verbondsgod eers ken en liefhê. Wanneer ek ’n pasiënt opsoek het ek nie net met ’n mens te make nie. Ek het ook en allereers met ons God te make, ons Skepper en Verlosser. Sonder Hom is daar geen werklike uitsig nie en bly ons steek in ’n geslote sirkel. Dan word alles uit, deur en tot die mens. ’n Arm menslike besigheid. Daarom moet ons eers na God luister. Luister na wat Hy van Homself sê, wat Hy van die mens, van sonde, siekte en van verlossing sê. Daarom skryf ds Arnold: “Om goeie siekebesoek te doen, is Skrifondersoek ’n eerste vereiste, en troue kerkgang.” Jy moet jou God ken. Met Hom rekening hou en met Hom op besoek gaan. Eers dan kan jy die sieke werklik help.

Dan ken jy ook jou grense as siekebesoeker. Ons weet nie waarom die een so swaar getref word en die ander nie. Maar ons weet wel volgens die Skrifte dat God, ons Verbondsgod, regeer. Ons weet ook dat alles, ook gesondheid en siekte, nie per toeval nie, maar uit sy vaderhand ons toekom (antw. 27, HK). Verstaan ons alles? Nee! Maar ons bly dit vir onsself sê en probeer dit ook vir mekaar te sê: “Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie. Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander, omdat Hy dit as ’n almagtige God kan en ook as ’n getroue Vader wil doen” (antw. 26, HK). En as die sieke weer so ’n groot teleurstelling moet verwerk? Of as deur

'n menslike fout die pasiënt die dood in die oë staar? Ook dan hou ons vol dat hierdie goeie God alle dinge volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie…" Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry" (art 13, NGB). Gewapen met hierdie geloofskennis hoef ons nie radeloos te wees wanneer ons op siekebesoek gaan nie. Ons kan mekaar help.

OP BESOEK

Wanneer ek op besoek gaan moet ek goed besef dat ek as 'n gesonde mens by 'n sieke op besoek gaan. Daarom moet ek nie myself in die besoek uitleef nie, byvoorbeeld deur baie en lang te praat oor my eie situasie nie. In liefde soek ek nie my eie belange nie, maar juis die van die sieke. Ek probeer my in sy situasie inleef en met hom rekening te hou. Informeer versigtig na sy situasie. Dit kan vir die pasiënt pynlik wees om te moet erken dat dit nie so goed gaan nie. Indien ons opregte belangstelling wys sal die sieke hom miskien uit. Dis belangrik dat hy hom kan uit. Maar moenie dit probeer forseer nie. As hy min wil praat, reg so! Wil hy baie vertel, reg so! Moet hom nie lastig val nie. Die sieke moet 'n klankbord hê. Deur noukeurig te luister, verstaan jy meer en meer wat vir die ander van belang is.

As jy nie kan luister nie, dan kan jy veel skade doen en die sieke eensaam maak. Om te luister is die eerste vereiste vir 'n goeie besoek. Luister aandagtig met jou ore en met jou hart. Ook wanneer jy dinge vir die soveelste keer moet hoor. Probeer agterkom waarom die persoon die dinge noem. Daar is siekes wat hul gebrek aan vertroue, hul angs, hul sorg nie openlik kan of durf uitspreek nie. 'n Goeie luisteraar het maar 'n halwe woord nodig. 'n Verskuilde verwysing laat ons soms verstaan hoe die sieke werklik voel.

TROOS

Nadat ons goed geluister het, gaan ons op ons beurt ook praat. Ons wil die sieke bystaan, help, troos. Maar om te troos is moeilik. Daar is siekes wat ons beter kan troos as ons hulle! Probeer jou maar indink: daar lê ek nou, heeltemal uit my werk, uit die gewone lewe weggeruk, miskien vir altyd. Dan het ek waarskynlik nie baie woorde om te sê nie. In ieder geval geen maklike of goedkoop woorde nie. Maar wat van die evangelie dan? Is dit nie 'n unieke geleentheid om die evangelie te laat hoor nie? Weet ons seker dat die evangelie wat ons nou wil bring hier op sy plek is? Het ons die persoon wel goed verstaan? Gelukkig is daar Iemand in die hemel wat die sieke

wel heeltemal begryp. Dit mag ons in ons verleentheid ook rustig vir die pasiënt noem. Die Here Christus begryp ons beter as wat ons onsself begryp. "Deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy die help wat versoek word" (Hebr. 2:18). "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelyde kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde" (Hebr. 4:15).

Waar die situasie dit toelaat is dit ook goed om met die sieke ook oor die gewone daaglikse lewe en bedrywigheid te praat. Vertel rustig wat aangaan in die kerk en samelewing. Die wêreld van die sieke kan soms baie klein en eng word, ingesluit soos hy is binne die vier mure van sy kamer. Dis dan goed dat die vensters so te sê weer oopgegooi word en die pasiënt weer gaan besef dat hy deel is van kerk en samelewing. So kan die sieke na vermoë nog meeleef met God se kinders en hom bly inset vir God se groot saak in hierdie wêreld. Onderskat nie die waarde van die meelewing en gebed van die sieke nie!

Die arts dr JH van den Berg het destyds 'n mooi boek geskryf oor die "Psychologie van het ziekbed". Daarin gee hy ook 'n aantal raadgewinge vir die siekebesoekers wat ek graag wil deurgee:

- Tree normaal op.
- Wys dat jy tyd het.
- Gaan sit.
- Moenie vergeet dat die sieke siek is nie.
- Moenie te gou gewoond raak aan die siekwees van die sieke nie.
- Moenie antipatie wys teenoor die liggaam van die sieke nie.
- Moenie die erns van die siekte probeer vermy in die gesprek nie.
- Moenie met ander oor die sieke of die siekte praat terwyl hy/sy daarby is nie.

KONKLUSIE

Ons doen ons siekebesoeke. Die een keer loop dit lekker. Ons kon iets vir mekaar beteken. Soms gebeur dit dat die blymoedige sieke die onsekere besoeker opbeur. 'n Ander keer bly die besoek onbevredigend. Dit lyk asof ons nie werklik mekaar bereik het nie. Soms het moeilike vrae na vore gekom. Miskien het ons in die vrae bly steek. Soms het ons byna geen woorde gewissel nie. In ieder geval nie baie belangrike woorde nie. Miskien het net saam gehuil. Het die besoek wel sin gehad? Laat ons die waarde van die 'klein' dinge nie onderskat nie. Sou God nie bly wees as een lid na die ander omsien nie? As die sieke belangstelling ondervind? As vier oë mekaar ontmoet? As die pasiënt hoor dat iemand aan hom dink en vir hom bid? Verag nie die dag van die klein dinge nie. Onderskat nie die werk van die Trooster nie. ¤

SALF DIE SIEKES MET OLIE: MOET ONS DIT VANDAG NOG DOEN? (1)

W Huizinga

TEMA: SIEKTE EN GENESING

'n Predikant en 'n ouderling loop deur die gang van 'n stadshospitaal. Die predikant hou 'n Bybel in sy hand, die ouderling dra 'n botteltjie met spesiale olie. Nadat hulle by die ontvangstoonbank seker gemaak het van die regte kamernommer, gaan hulle die saal waar hulle pasiënt lê, binne. Met 'n hoë koors, die gevolg van 'n vreeslike infeksie wat nog steeds nie deur antibiotika gestop kon word nie, lyk dit of die pasiënt bewusteloos is. Met moeite kry hulle dit reg om hom wakker te maak. Vol vertroue vertel hulle die pasiënt dat hulle gekom het om hom in die Naam van die Here gesond te maak. Eers lees hulle uit die Bybel, hulle verhaal hoe Jesus en sy dissipels orals gegaan het, die siekes met olie gesalf het, vir hulle gebid het en hulle so van verskillende siektes genees het. Daarna bid hulle vurig tot die Here vir die pasiënt en salf hom met die spesiale olie wat hulle saam gebring het.

DIt is veronderstel om die pasiënt gesond te maak. Al was die antibiotika en die spesiale mediese sorg, saam met die gebede vir die pasiënt, nie suksesvol nie, sal dit wel werk, beloof hulle. God het so gesê. Lees maar Jakobus 5:13-15: *"Is daar onder julle iemand wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."*

Werk dit? Hierdie teks is vandag in charismatiese kringe en in ander kerke die basis vir die salwing van siekes met spesiale olie en die gebed met die doel om hulle gesond te maak. Volgens hulle werk dit! Natuurlik pas dit in met die charismatiese liefde vir spesiale gawes van die Gees, soos geloofsgenesing. Hierdie gedeelte het selfs die bewysteks geword vir geloofsgenesing.

Ons staan afwysend teenoor geloofsgenesing. Maar die teks staan dan in die Bybel! Die Here het dit beveel. Dan moet die kerk mos glo en gehoorsaam? Tog salf ons nie die siekes met olie nie. Hoekom nie? Om dit te verstaan moet ons na die geskiedenis gaan kyk. Eers na die Middeleeue.

DIE SALWING VAN SIEKES OF DIE LAASTE OLIESEL

In die Middeleeue het die salwing van siekes met olie 'n sakrament geword, een van die sewe sakramente van die Roomse kerk. In 1493 het pous Eugenius IV van Florence dit as 'n sakrament erken. Dit het 'n kanaal geword waardeur God se genade na die sondaar kom. As hy/sy sondes gedoen het, sal dit vergewe word, soos wat Jakobus gesê het. Hierdie sakrament het uiteindelik net op die salwing gefokus. Dit was belangriker as die gebed uit geloof vir die sieke. Ja, hierdie sakramente het spesiale voordele gehad vir die ernstige siekes, vir die wat sterwend was as gevolg van verskillende siektes. Ons kan hulle terminaal-siek pasiënte noem. Priesters het die botteltjie met spesiale olie in siekekamers ingedra en na slagvelde gebring waar hulle die sterwendes kon vind. Nadat die sterwende met die olie gesalf is, is 'n formuliergebed opgesê.

Vir baie was dit 'n waardevolle sakrament. As 'n kanaal van genade kon hierdie sakrament jou sondes wegwas net voordat jy sterf. Hulle het gedink dat dit 'n enorme hulpmiddel is. Jy kan dalk selfs die vlamme van die vaevuur daarmee vryspring! Wanneer enige familielid daarom aan 'n ernstige, terminale siekte gely het, is die priester onmiddellik ingeroep. Ja, hierdie sakrament onderstreep die sisteem van goeie werke wat die Roomse Kerk geleer het. In hierdie sisteem het sakramente opgetree as kanale vir God se genade vir sondaars. Nie die Woord nie, maar die sakramente staan sentraal in dié geloof.

Dit is dan ook geen wonder dat die Kerk van die Reformasie hierdie sakrament afgeskaf het nie. Geloof vind sy sekerheid in die beloftes van God. Daar is slegs een anker vir die lewendes en die sterwendes. Daar is net een troos in lewe en in sterwe. Jesus Christus wat gekruisig is, maar opgestaan het uit die dood! Vir die hervormers het hierdie salwingsolie, hierdie "laaste oliesel", in die pad gestaan vir 'n persoonlike geloof in ons Here Jesus Christus. In plaas daarvan om in geloof op die kruis van Jesus te fokus, vestig die sieke sy of haar hoop op die priester met 'n botteltjie olie. Bygeloof! Verder staan daar in die teks in Jakobus: *"En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig."* Met ander woorde, hierdie teks is glad nie van toepassing op die sterwendes nie. Dit is van toepassing op ernstige siek pasiënte, wat deur die kragtige seën van die Here weer gesond word. Hierdie teks pas dus nie by hierdie "ekstra" sakrament nie.

Maar is hierdie veroordeling van die laaste rituele as bygeloof 'n oorreaksie? Gooi ons nie die kind saam met die badwater uit nie? Kan die salwing met olie in die Naam van die Here, saam met die gebed in geloof, nie die geloof versterk en selfs 'n siek gelowige weer gesond maak nie? Om hierdie woorde van Jakobus te verstaan, moet ons nog verder terug gaan in die verlede, heeltemal terug na die bediening van Jesus.

DIE GEBRUIK VAN OLIE IN JAKOBUS SE TYD

Die gebruik van olie in Jakobus se tyd het verskil.[1] Jy kon jouself met olie verfris. In daardie warm, droë Mediterreense klimaat het die son en die sand die vel gebak. Soms het olyfolie die vel verfris. Dit neem die brand weg. Dit was ook normaal

om jouself met geparfumeerde olie te salf nadat jy 'n bad geneem het. Olie is ook gebruik op vreugdevolle geleenthede, soos byvoorbeeld maaltye of huwelike. 'n Gasheer het dikwels seker gemaak dat sy gaste geparfumeerde olie gekry het om hulleself mee te verkwik (Luk. 7:46).

Ons wil egter kyk na die medisinale gebruik van olie. Jakobus praat hier mos van 'n gelowige wat siek is. Medisyne, wat in 'n basis van olyfolie gemaak is, was gebruiklik. Neem die voorbeeld van die man in Jesus se gelykenis, die man wat van Jerusalem na Jerigo trek, die een wat deur rowers beroof, geslaan en as dood laat lê word. Die barmhartige Samaritaan het tog olie (met wyn) op die man se wonde gegooi? Dit sou help om die wonde te laat genees. Olie, gemaak van verskillende bronne (olywe, sesamsaad, laventel, ens.) is dikwels die basis van baie medisyne, selfs vandag nog. Ons gebruik vandag nog bloekomolie, teeboomolie, lewertraan of laventelolie.

Daar was ook 'n spesiale gebruik in die tabernakel/tempel waar olie dikwels saam met die spysoffers gevoeg is (Lev. 2:1), of waar 'n spesiale salfolie heilige voorwerpe gewy het (soos die meubels in die tempel) en ook priesters ingeseën is (Eks. 29:7,21). Een gebruik verdien om genoem te word. In Lev. 14 word beskryf hoe 'n melaatse gereinig is. Saam met 'n paar rituele en offers, het die priester 'n log olie geneem en dit voor die aangesig van die Here gesprinkel. Dan moes die priester 'n bietjie olie op die regteroor van die geneesde melaatse smeer, asook op die duim van sy regterhand en op die groottoon van sy regtervoet. Die res van die olie is oor die hoof van die geneesde gegooi. Hierdie seremonie toon reiniging aan. Sosiaal en religieus uitgestoot as onrein, staan die geneesde melaatse nou gereinig, gereed om weer onder sy volk en in God se huis in te gaan. Ek noem dit, omdat baie verklaarders, ook gereformeerdes, Jakobus se bevel om olie by pasiënte te gebruik, opneem op 'n medisinale manier. Ek haal een van my vroeëre onderwysers aan:
"Jakobus het geen towery oorweeg toe hy die gebruik van olie genoem het nie. Hy het ook nie verwys na die Rooms-Katolieke gebruik van die laaste oliesel nie. Hy het trouens nie eers geskryf oor seremoniële salwing nie. Die Griekse woord "salwing" ('aleipho'), wat Jakobus hier gebruik, beteken nie seremoniële salwing nie. Die normale woord vir seremoniële salwing was 'chrio' (ons vind dit ook in die naam 'Christus' – die Gesalfde). Die woord wat Jakobus gebruik ('aleipho') beteken gewoonlik 'om te vryf" of 'aanwend'. Die woord 'aleipho' word gebruik om die persoonlike aanwending van salwe, rome en parfuums, wat normaalweg 'n oliebasis gehad het, te beskryf. Dit blyk dus dat dit wat Jakobus vereis die gebruik van die beste medisyne van die tyd is. Jakobus het eenvoudig gesê om olie (wat dikwels gebruik is as basis vir verskillende medisinale kruie) op die liggaam te smeer en te bid. Wat Jakobus hier voorstaan is die gebruik van geseënde en toegewyde medisyne. In hierdie gedeelte spoor hy aan om die siekes met medisyne te behandel saam met gebed. Die twee dinge moet gelyktydig gebruik word, die een sluit die ander nie uit nie. So, in plaas daarvan om geloofsgenesing te leer in plaas van die gebruik van medisyne, leer hierdie teks ons juis die teenoorgestelde. Maar wanneer ons dan medisyne gebruik moet dit saam met gebed gebruik word. Dit is hoekom Jakobus sê dat die gebed van die gelowige die siekes genees."[2]

'n Prentjie uit die Middeleeue van 'n siek pasient wat met olie gesalf word. Die kunstenaar is onbekend

So 'n verklaring vermy die charismatiese obsessie met die spesiale gawes van die Gees, soos geloofsgenesing. Dit onderstreep die legitimiteit van medisyne as 'n geskenk van God. Maar dit vra ook gebed en geloof wanneer sulke medisyne gebruik word. Ek gee nog 'n aanhaling van 'n gereformeerde verklaarder:
"Persoonlik is ek na die lees van al die tekste oortuig dat die apostel in Jakobus 5 nie verniet die woord 'aleiphein' gebruik het nie. Hierdie woord verklaar presies wat 'n dokter doen: smeer olie aan 'n pasiënt. Miskien moet dit op hierdie manier vertaal word. Dit beteken dat Jakobus nie 'n spesiale geestelike betekenis aan die salwing met olie heg nie, maar hy verwys na die normale medisyne en die normale mediese behandelings."[3]

Bogenoemde is vir ons as gereformeerde gelowiges 'n aanvaarbare antwoord. As iemand ernstig siek is, moet ons die predikant ('n mede-ouderling) en ouderlinge inroep saam met die dokter. 'n Rukkie gelede toe ek uit Jakobus 5:13-15 gepreek het, en klem gelê het op die noodsaak daarvan om die predikant en ouderlinge in te roep, het twee jong pa's in die kerk flou geval na die einde van die

1. **The International Standard Bible Encyclopedia**, Vol. IV, Eerdmans, Grand Rapids, 1939, 1974, pp. 2181-83, noem die volgende gebruike: 1) as a commodity of exchange, 2) as a cosmetic, 3) as a medicine, 4) as a food (replacement for butter, or for frying, for instance), 5) burning oil for a light, 6) in religious rites as in the OT, usually for anointing the tabernacle and its furnishings as well as the priests.
2. Pp. 107-108 in **Competent to Counsel**, deur Jay E. Adams, Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1970
3. MC Mulder, *Ziekenzalving, opnieuw geboden?* in Nader Bekeken, 3 Maart 2003, pp. 82-84.

SALF DIE SIEKES MET OLIE: MOET ONS DIT VANDAG NOG DOEN? (2)

W Huizinga

TEMA: SIEKTE EN GENESING

JESUS SE GENESENDE BEDIENING

Die Evangelies verhaal nie net ons Here Jesus se prediking en onderwysende bediening nie. In Matteus 5-7 lees ons byvoorbeeld die Bergrede, waar Jesus met soveel outoriteit geleer en gepreek het dat almal verbaas was. Ons koester hierdie instruksies van ons hoofprofeet en onderwyser.

Maar Jesus het ook gekom met die krag en mag van God die Koning in die hemel. Daarom lees ons ook van tekens, kragte en wonders. Wonders van genesing! Die blindes kon sien; die kreupeles loop; koors verlaat diegene wat siek op hul bedde lê; selfs die dooies het opgestaan om te lewe, tot blydskap en verbasing van almal; bose geeste verlaat die wat hulle besit en oorweldig het. Al hierdie mense het gejubel en God geprys vir die wonders van genesing.

As ons 'n ou, maar Bybelse gewoonte vir die genesing van siekes wil laat herleef, kan ons met 'n sekere regverdigheid ondersoek of ons nie die uitdrywing van bose geeste wat die pasiënt met ernstige siektes en geestelike afwykings agterlaat, weer moet instel nie. Onlangs het daar 'n boek verskyn, weereens in 'n charismatiese lyn, wat juis hieroor gaan.[1] Ons moet egter kyk of die Here hierdie uitsonderlike gawes van die Gees ook buite die bediening van die apostels en die eerste ouderlinge gegee het. Gereformeerde kerke het altyd geleer dat die Nuwe Testamentiese wonders, as tekens van die apostels (2 Kor. 12:12) getuig van die egtheid van God se werk en openbaring. Wonders het dus saamgeval met die groot verlossingswerk van Christus. Soos wat die kanon (die Bybel) afgesluit is, het die spesiale gawes van die Gees ook opgehou. Dit beteken nie dat daar vandag nie meer wonders kan gebeur nie, maar dit ontlont wel die idee dat die spesiale gawes van die Gees (1 Kor. 12) nog steeds 'n gereelde kenmerk van die kerk vandag is of dat dit aan kerkleiers gegee word. Vir ons doel is daar een aspek van Jesus se genesende bediening wat baie belangrik is. In Markus 6 stuur Jesus die twaalf uit met die opdrag om te preek en te genees. Hy gee hulle die krag om te genees (Luk. 9:1), selfs die krag oor onreine geeste (Mark. 6:7). Ons lees in Mark 6:13: "en hulle het baie duiwels uitgedryf **en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak."** Hierdie teks bring ons terug na Jakobus 5. Want ons lees hier dieselfde – salf die siekes met olie en die pasiënte word gesond. Vergelyk Skrif met Skrif!

Omdat die oes groot was en die arbeiders min, het Jesus nog sewentig uitgestuur met dieselfde bevel (Luk. 10:1-24). Ook hulle word beveel om die evangelie van bekering en geloof te verkondig, omdat die koninkryk van God naby gekom het, asook *om die siekes te genees.* Hulle het teruggekom, terwyl hulle roem oor die genesende krag van God, wat selfs duiwels kon uitdryf! Dit was dus nie net die twaalf apostels nie, maar ook hierdie sewentig wat die mag en krag van Jesus gekry het.

TERUG NA JAKOBUS 5:13-15

Dit is vanselfsprekend hoekom ons Mark 6:13 noem waar die salwing met olie beveel word aan die wat uitgestuur word vir die genesing van siekes. Dieselfde word beveel in Jakobus 5:13-15. Kan ons hierdie identiteit bevestig? Ons glo dit is moontlik.

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat die brief van Jakobus waarskynlik die eerste gepubliseerde boek van die Nuwe Testament was. Dit dateer terug uit die tyd van die apostels en ouderlinge in Jerusalem, nog voor Paulus se eerste sendingreis.[2] Dit is dus nog steeds in die apostels se tyd toe die Gees Jesus se wonderlike werk van genesing voortgesit het. Selfs die sewentig, van wie baie waarskynlik spesiale ouderlinge in die groot en groeiende metropolitaanse kerk was, het gedeel in die kragte van genesing.

Na die steniging van Stefanus het die groot kerk in Jerusalem (wat gegroei het van drie- na vyfduisend) uitgesprei as gevolg van die vervolging (Hand. 8). Vervolging het egter nie die werk van Jesus gestop nie. Groot wonders van genesing het die prediking oor Jesus, wat gekruisig is en opgestaan het uit die dood, aangevul. Baie het geglo. Dit is in hierdie tyd dat Jakobus skryf oor die siek gelowiges tussen hulle, van die twaalf stamme wat verstrooi is (1:1). Laat hulle die ouderlinge van die kerk roep. Dit mag beteken dat hulle ver afstande moes reis om een van die spesiale ouderlinge of een van die apostels te bereik. Byvoorbeeld: wanneer Tabita in Joppe ernstig siek geword het en hulle hoor dat Petrus ('n mede-ouderling) daar naby was, het hulle hom ingeroep. Petrus het gekom, alhoewel Tabita alreeds dood was. Hy het neergekniel en gebid. Hy het na die liggaam gedraai en gesê: Tabita, staan op! En sy het! Hierdie wonder het baie mense laat glo in die evangelie. Ons glo dus dat hierdie bevel gekom het in die tyd dat die spesiale gawe van die Gees van Jesus nog steeds in werking was, selfs op die hoogtepunt was! Calvyn dink in dieselfde

(Vanaf bls 9)

diens. 'n Ywerige suster het haar dadelik na die konsistorie gehaas en die predikant en die ouderlinge ingelig dat die twee manne op die vloer lê. Onmiddellike toepassing! Ek moes eers 'n besoek bring by die hospitaal voordat ek my koffie en koek kon gaan geniet. Inderdaad, kerkleiers behoort 'n wettige plek in die hospitaal te hê, net soveel as dokters! Daar moet respek wees vir hulle. Terwyl hulle by die sieke bid, moet die verpleegsters nie met bedpanne lawaai nie!

Tog bly die vraag of dit die regte verklaring is. Ons kan uiteindelik by dieselfde gevolgtrekking kom, maar ek wonder oor die wettigheid van die woordstudie in dié verklaring. In die volgende artikel meer daaroor. ¤

rigting. Maar wat dan van die woordstudie? Jakobus gebruik die woord 'aleipho' (invryf) en nie 'chrio' (salf) nie. Is daar so 'n wye verskil van betekenis tussen die twee? In die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuagint) wat deur die vroeë kerk gebruik is, word 'aleipho' soms gebruik vir die seremoniële salwing in 'n religieuse betekenis. Dit word gebruik in Gen. 31:13 wat praat van die *salwing* van 'n pilaar by Bethel; in Eks. 40:13 vir die *salwing* van Aäron en in Num. 3:3 waar die seuns van Aäron, die *gesalfde* priesters genoem word. Dit is dus nie reg om te sê dat die woord nooit die betekenis dra nie. Dit gebeur selfs in belangrike tekste!

Net so belangrik soos bostaande, is die feit dat in Mark. 6:13 waar Jesus dié wat uitgestuur word bevel gee om die siekes met olie te salf en te genees, ook die werkwoord 'aleipho' en nie 'chrio' gebruik word. As dit daar dus met 'n heilige handeling verbind word, in die Naam van die Here, dan moet dieselfde geld vir die teks in Jakobus se brief. Want ons lees dat dit 'n ernstige handeling is wat in die Naam van die Here verrig word. Salwing met olie, as 'n simboliese handeling, wys dikwels na die krag van die Heilige Gees, soos in die geval waar Saul en Dawid as koning oor Israel gesalf is. Hier in Jakobus 5 simboliseer die olie ook die krag van die Gees van Jesus om te genees. In sy verklaring maak prof. L. Floor die volgende gevolgtrekking: *Sommiges sien in Jakobus 5:13-15 die klassieke bewys vir geloofsgenesing. Vir hulle spreek dit vanself dat Jakobus praat oor die siekes en nie oor die wat 'n probleem in hulle geloof ervaar nie. Ander, wat sterk vermoed dat Jakobus se woorde oor genesing en gebed verkeerd gebruik word, is geneig om nie aan siek pasiënte te dink nie, maar aan mense wat swak is van gees of van geloof. Verder word die verklaring dat hierdie gedeelte van Jakobus se brief wel praat van genesing na gebed aanvaar, maar beperk tot die eerste periode van Christus se kerk. Die ouderlinge wat deur Jakobus op die voorgrond geplaas word is charismatiese manne wat nie vergelyk kan word met die ouderlinge van vandag nie. Watter verklaring ook al reg is, 'n verpligte praktyk van geloofsgenesing deur gebed met as uitgangspunt dat "wie nie genees nie, het nie geloof nie" vind hier geen ondersteuning nie.* (pp. 185-186).

Ons wil liewers meer oortuigend afsluit, naamlik dat hierdie teks inderdaad verwys na die ouderlinge wat charismatiese gawes van genesing van die Here gekry het. Dit is hoekom genesing verseker was in hierdie gevalle.

Moet ons vandag nog steeds die siekes met olie salf? Ek glo nie. Dit was 'n simboliese seremonie, 'n verwysing na die krag van Jesus se Gees. Vandag gebruik ons medisyne, konvensioneles of alternatiewes, saam met 'n leër mediese personeel, insluitende die deskundiges. Tog is dit Jesus wat al hierdie middele moet seën. Die voortgaande norm is dus om te bid in Jesus se Naam vir genesing, en dit oor te laat in sy hande. Gebed in die konteks is baie belangrik. Terselfdertyd moet ons nie die kerkleiers vergeet nie. Al het hulle nie dieselfde charismatiese gawes van genesing nie, moet hulle nog steeds ingeroep word. Laat hulle bid vir die sieke, en laat hulle die Skrif open om te bemoedig, te troos en te vermaan indien nodig.

BELYDENIS VAN SONDES

Een aspek verdien nog aandag. Ja, ons het tereg gefokus op die noodsaak vir geloof en vir gebed van die kerkleiers wanneer iemand ernstig siek is. Ons moet glo dat God die siekte kan genees of tot ons beswil kan verander. Ons moet vra, soek en klop soos Jesus ons geleer het.

Maar wat van die ander aspek: *"Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."* Gee ons genoeg aandag hieraan? In Jesus se genesende bediening verwys Hy dikwels na die sondes van die siekes. Hy het nie net mag gehad om te genees nie, maar ook om sondes te vergewe. Dit blyk duidelik uit die genesing van die verlamde man (Mark. 2:1-12). Waarom is dit uitgesluit uit die bediening van die apostels en spesiale ouderlinge van Jerusalem? Ook vandag kan verskillende siektes hulle wortels hê in ongebiegde sondes. O ja, die boek Job leer ons dat ons nie kan sê dat alle siektes 'n gevolg is van spesifieke sondes nie. Dit moet vir ons almal duidelik wees. Jesus het dit duidelik gemaak vir die Jode wat geglo het dat sekere siektes die gevolg is van sekere sondes. Maar dit is ook duidelik dat in sekere gevalle sondes lei na siekte en selfs dood. Dink maar aan wat in Korinthe gebeur het (1 Kor. 11:30-32).

Daarom het Jakobus, wat ons Here gevolg het, nie aanvaar dat die gelowige gebed van die ouderlinge, saam met die simboliese salwing met olie in God se Naam, voldoende was in alle gevalle nie. As die pasiënt sondes begaan het, dan moet hy bid vir vergifnis in Jesus se Naam. Sonde mag soms die wortel wees van sommige siektes of 'n bydraende faktor. Predikante en ouderlinge moet altyd hierdie opsie oophou. Dit sou sondige verwaarlosing wees wanneer 'n ouderling sou bid vir die genesing van 'n dwelmverslaafde sonder om aandag te gee aan sy verlede en sy sondige verslawing. Sulke sondes moet voor God bely word, sodat Hy dit kan vergewe. Sommige sondes betrek ook ander persone. Daarom, voeg Jakobus by, "*bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag".* Versoening is die uiteindelike doel. Dit bring verligting, verligting van spanning. Dit genees.

Ds. W Huizinga is predikant van ons susterkerk, die Free Reformed Church of Armadale, Wes-Australië

---

[1] M. J. Paul (ed.), **Geestelijke Strijd: Demonie en Bevrijding in Christelijke Perspectief**, Zoetermeer, 2002 soos geresenseer in Nader Bekeken, 3 Maart 2003 deur AN Hendriks, *Naar een dienst van bevrijding?*, pp. 85-88.

[2] Vir meer inligting sien: J van Bruggen, **Ambten in de apostolische Kerk**, Kok, Kampen, 1984, pp. 86-91 oor die spesiale oudstes in die kerk van Jerusalem, en oor die datering van Jakobus se brief. Dieselfde kan gelees word in L. Floor, **Commentaar op het NT (Jakobus)**, Derde Serie, Kok, Kampen, 1992, pp. 14-17 oor die datering van Jakobus se brief.

DIE MENSE AGTER DIE SKERMS

Mariaan Hordijk

TEMA: SIEKTE EN GENESING

'n Mens se gesondheid is iets wat jy gewoonlik eers waardeer wanneer dit van jou af weggeneem word. Ons het ook 'n byna blindelingse vertroue dat die regte mediese sorg beskikbaar sal wees wanneer ons siek word, of in 'n ongeluk beseer sou word. Ons mag nie die troue sorg van ons Hemelse Vader misken wanneer ons oor mediese sorg praat nie. Tog is dit so dat mense en tegnologie ingeskakel word wanneer ons vir siekte of besering behandel moet word. Ons verwag dat hierdie kundiges en apparaat 24-uur per dag en op soveel plekke moontlik tot ons beskikking moet wees, ingeval ons dit dalk nodig kry. Dit vra uiteraard toewyding van mediese personeel en tegnici.

Die redaksie van Kompas het 'n paneel van drie gesondheidswerkers saamgestel en by hulle uitgevind hoe die werksterrein vandag daar uitsien. Ek stel graag die paneel aan u voor: **Christine Ros** is 'n nagsuster in bevel van die manssaal by 'n privaathospitaal. Sy het reeds meer as 25 jaar ervaring as verpleegkundige. **Leoni Schoeman** is 'n finale jaar verpleegkunde student aan die Universiteit van Pretoria. **Françoise de Jager** is 'n geregistreerde arbeidsterapeut. Sy het verlede jaar gekwalifiseer en is tans besig met haar gemeenskapsdiensjaar by "Jubilee Hospital" in Temba, Hammanskraal, 45km noord van Pretoria.

STUDIE

Ons wou eerstens van die paneel weet wat die moontlikhede was om die studie van hulle keuse te volg en hoe hulle die keuring en opleiding ervaar het.

Leoni sê:" Daar is verskeie instansies wat opleiding in Verpleegkunde aanbied. Die Universiteit van Pretoria bied die B.Cur-graad aan, Die Technikon bied B.Tech aan en dan is daar Verleegkolleges wat 'n Diploma in Verpleegkunde aanbied. Elke instansie het sy eie keuringsvereistes, en ek dink dat die Universiteit en die Technikon strenger is as die kolleges. Die keuringsproses begin met die invul van inskrywingsvorms. Sommige aansoekers word dan genooi om psigometriese- en aanlegtoetse te gaan skryf en uit daardie groep word weer mense genooi vir 'n onderhoud. Die onderhoud word gevoer deur verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Verpleegraad, verskeie vakbonde en personeelbeamptes van verskillende hospitale. Alhoewel die keuringsproses nie te streng is nie, is dit wel regverdig en bied dit aan almal 'n gelyke geleentheid."

Françoise sê:" Arbeidsterapie (AT) is 'n 4 jaar kursus met relatief hoë jaarlikse kostes aangesien daar baie praktiese vakke by die kursus ingesluit is. Die kursus word by 7 universiteite in SA aangebied. Daar word per jaar 40 studente gekeur by UP, dus was die keuring nogal streng. Die keuring vind tans plaas op grond van akademiese prestasies en 'n vraelys. Sedert ek begin studeer het, het die kurrikulum verander na probleemgebaseerde onderwys. Die verskil is wel duidelik sigbaar. Waar ons groep meer passiewe studente was, word daar nou van studente verwag om meer aktief te wees, hulle is ook meer krities ens. As ek kon, sou ek eerder nou wou studeer. Terwyl teoretiese vraestelle regverdig beoordeel is, was praktiese eksamens vir ons as studente baie maal onregverdig, aangesien ons deur verskillende instansies geëvalueer moes word."

Christine sê: "Die standaard van afgestudeerde verpleegkundiges wat by ons kom werk is deurgaans goed. Ek het dus geen twyfel aan die standaard van die opleiding wat hulle ontvang nie. Ons ervaar egter dikwels in die praktyk dat veral swart verpleegkundiges oor 'n uitstekende teoretiese kennis beskik, maar probleme ondervind om daardie kennis in die praktyk toe te pas."

GEMEENSKAPSDIENS

Ons wou ook van die paneel weet hoe hulle oor die gemeenskapsdiens vir gesondheidswerkers voel.

Françoise sê: "In die algemeen was ons as studente baie negatief daaroor. Ons was die proefkonyne en die proses van plasing het verskriklik lank gevat. Ek het eers einde Oktober gehoor waar ek geplaas is. Ek dink as mens nou weer 'n meningsopname sou doen is daar egter baie meer positiwiteit t.o.v. die jaar onder my klasgenote. Daar is steeds die wat in baie slegte omstandighede werk, maar dit is in die minderheid. Ek dink ons het die nood van die gemeenskappe gesien en die belangrikheid van die gemeenskapsjaar raakgesien. Daar was byvoorbeeld verlede jaar net vyf AT'e werksaam in die hele Noordwes provinsie (dis die provinsie waarin ek werk). Hierdie jaar is daar nou 35!! Nou kan pasiënte nader aan hulle huise behandeling ontvang as buitepasiënte. In ons departement is daar redelik toerusting, maar die afgelope paar jaar kon die departement niks aankoop nie a.g.v. finansiële tekorte (wanbestuur/bedrog?). Ons is dus gedwing om spaarsamig te werk te gaan en sekere items weer te gebruik. Uit gesprekke met klasgenote by ander staatshospitale of klinieke blyk dit dat sommige plekke beter bestuur word en hulpmiddels asook toerusting en materiale meer beskikbaar en verkrygbaar is."

Leoni sê: "In 1998 het die Regering dit 'n instelling gemaak dat alle Verpleegkunde studente 2 jaar gemeenskapsdiens moet doen in ruil vir die geleentheid om jou praktiese opleiding in 'n staatshospitaal te mag ontvang (Dit geld egter nie vir studente van die Technikon nie). Hulle stel dit soos volg: Vir elke 1 jaar wat jy studeer, moet jy 6 maande terug werk vir die staat. Op sigself is dit nie 'n probleem nie, want jy ontvang betaling terwyl jy studeer, en sal ook 'n volle salaris as verpleegkundige ontvang tydens jou gemeenskapsjare. Dit skep egter 'n probleem as jy reeds weet waarin jy wil spesialiseer, omdat jy dan vir 2 jaar moet wag. Die staat kan

ook nie vooraf vir jou sê waar jy 'n pos gaan kry nie, dit is dus moeilik om toekomsbeplanning in daardie opsig te doen. Jy kan egter jou kontrak uitkoop teen 'n bedrag wat deur die finansiële departement vasgestel word. Daar is 'n groot tekort aan verpleegpersoneel in Suid-Afrika en dit is ook 'n rede hoekom die gemeenskapsdiens ingestel is. As verpleegkundige sal jy altyd werk kry, maar dit sal nie noodwendig wees waar jy graag wil werk nie. Die platteland veral het 'n groot tekort, maar min verpleegkundiges is bereid om na die platteland te verhuis."

ETIESE KWESSIES

Die paneel is gevra hoe etiese kwessies hulle raak.

Christine sê: "In die manssaal waar ek werk, word ek dikwels met sterwende pasiënte gekonfronteer. Dit het al voorgekom dat 'n dokter 'n dosis medikasie aan 'n terminale pasiënt voorgeskryf het, wat sy dood sou verhaas. Ek het geweier om die volle dosis toe te dien. Ons taak as verpleegkundiges is om 'n sterwende pasiënt pynvry en gemaklik te maak, nie om die dood te verhaas nie - dit is eutanasie - iets waarteen ons as gelowiges gekant is. Tog moet ek ook daarmee saamleef dat die kollega wat by my oorneem dit dalk wel sal doen. Ek word ook dikwels gekonfronteer met familie van 'n sterwende pasiënt wat wil weet wanneer die pasiënt gaan sterf. Dit bied die geleentheid om te getuig dat die Here ons sterwensuur bepaal en daar nog 'n doel is waarom die pasiënt lewe. Christelike kollegas by die vrouesaal, moet ook met die feit saamleef dat hulle pasiënte sal moet versorg wat dalk 'n vrywillige aborsie ondergaan het. As saalpersoneel is dit ons taak om 'n pasiënt vir 'n operasie voor te berei en na die operasie te versorg. Ons het nie inspraak in wat in die teater gebeur nie."

Leoni sê: "As verpleegkundige mag jy nie weier om inligting aan 'n pasiënt te gee nie, maar jy mag wel weier om deel te neem aan prosedures waarmee jy nie saamstem nie. Ek mag byvoorbeeld weier om by te wees as 'n aborsie uitgevoer word, maar ek mag nie inligting aangaande aborsie van 'n pasiënt weerhou nie. Alle opsies moet aan die pasiënt genoem word en 'n verpleegkundige mag nie probeer om haar/sy eie opinies aan die pasiënt op te dring nie. Dit is wel moeilik as dit by VIGS-voorligting kom, want waar ons as Christene glo dat jy nie voorhuwelikse seks mag hê nie, moet ons 'n boodskap van veilige seks oordra in plaas van geen seks. Ons moet die gebruik van kondome bevorder en dit skep 'n dilemma, want van die kinders met wie jy praat sien dit as toestemming dat hulle wel seks mag hê. Ons het ook al probleme gehad met ouer persone wat ons blameer vir die losbandigheid wat onder tieners heers, omdat ons kondome uitdeel."

WERKSOMSTANDIGHEDE

Die paneel sê die volgende oor hulle werksomstandighede en verhouding met kollegas:

Leoni sê: "As Christen kan jy jou geloof uitleef teenoor kollegas omdat jy geleer word om sensitief te wees vir ander kulture, gelowe en rasse. Ek het dit nog nooit teengekom dat van my kollegas negatief is oor die feit dat ek my geloof uitleef of selfs van my geloof en kerk praat nie. Dit is eerder dat staflede 'n belangstelling het in mekaar se kerke. Dit skep ook die geleentheid om te evangeliseer. Dit is wel moeilik om met pasiënte te praat omdat jy nie persoonlik betrokke mag raak nie, en objektief moet bly. Ek kan met vrymoedigheid sê dat ek nog nooit iets moes doen wat teen my geloof indruis nie, of wat my in 'n ongemaklike posisie geplaas het nie. Ons moet wel op Sondae werk, maar ons is geregtig op 2 vry naweke per maand en ons versoek ook wel om eerder op Saterdae te werk sodat ons die Sondag kan vry wees. Jy moet ook net in ag neem dat vir elke Sondag wat jy vry het, iemand anders moet werk en nie sy/haar kerkdienste kan bywoon nie."

Christine sê: "Ons kry goeie ondersteuning van die hospitaalbestuur en personeelverenigings. Ek het onlangs 'n moeilike sterfgeval meegemaak. Daar is aan die personeel wat daarby betrokke was, gratis berading aangebied. As die hospitaal in 'n regsgeding betrokke sou raak waarby ek betrek word, sal die personeelvereniging ook gratis regsverteenwoordiging aan my verskaf. Hierdie ondersteuning gee groot gemoedsrus, sodat ons op die diens aan die pasiënte kan fokus. Ek mag as verpleegkundige nie my opinie op 'n pasiënt afdwing nie. Tog lê daar soms 'n boek op 'n bedkassie wat aanleiding gee tot 'n goeie gesprek. Soms sal 'n pasiënt of familielid my vra om uit die Bybel te lees. In gesprekke met kollegas kan ek dikwels Christelike beginsels rondom byvoorbeeld kinderopvoeding, beklemtoon. As suster in bevel ervaar ek dit ongelukkig soms dat swart verpleegkundiges hulle afsydig hou van die res van die personeel, maar haastig is om aantygings van rassisme te maak, as daar iets skeef loop en hulle aangespreek moet word. Dit vra groot geduld en wysheid om sulke situasies te ontlont en na goeie wedersydse arbeidsverhoudinge te streef."

Françoise sê:" Die omgewing (hospitaal) waarin ek werk, stem my soms negatief. Daar is korrupsie aan die gang wat deur die bestuur weggesteek word. Dit veroorsaak erge negatiwiteit by die hospitaalwerkers. Dit voel dus soms of mens op jou eie die geveg moet veg vir 'n pasiënt se welsyn, terwyl mens nie sonder ander spanlede nl. verpleegster, dokter ens. kan regkom nie. Om dan steeds gemotiveerd te bly, is moeilik. 'n Mens moet jou maar nie te veel daaraan steur nie en net jou roeping vervul en krag daarvoor vra."

Ten slotte
Leoni sê: "Dit is soms moeilik om jou eie beginsels opsy te skuif. Omdat jy nie oor jou geloof mag praat tensy 'n pasiënt eerste toenadering soek nie, is dit soms moeilik om uiting te gee aan jou gevoelens en om byvoorbeeld te evangeliseer. Dit is tog ook wonderlik om te sien hoe God wel geleenthede gee om met pasiënte te praat oor die Bybel en geloof."
Françoise sê: "Al maak 'n mens net 'n klein verskil in een pasiënt se lewe, en die persoon waardeer dit, is dit die moeite werd om op enige plek te werk. Dis belangrik om jou Christenwees uit te leef, bv. dat jy jou werk so goed moontlik moet doen omdat dit jou roeping is en nie soos van die ander sê net vir die salaris aan die einde van die maand nie."
Christine sê: "Na meer as 25 jaar geniet ek steeds my werk. Ek kan werklik op tasbare wyse 'n diens aan my medemens lewer en ervaar elke dag die Here se seën daarin." ¤

THE AFRIKANERS – BIOGRAPHY OF A PEOPLE

A Roos

GESKIEDENIS

Die onlangs verskene boek van prof. Hermann Giliomee, 'n gesoute historikus, het die aandag van die breë publiek getrek. Nie net is die boek in die Suid-Afrikaanse pers bespreek nie, dit het selfs onder die aandag van internasionale tydskrifte soos Time Magazine gekom.

Geskiedskrywing is amper nooit objektief nie, tog het Giliomee 'n eerlike poging aangewend om die geskiedenis van die Afrikaner so objektief moontlik weer te gee. Reeds in die aanvang van sy boek beroep hy hom op 'n uitspraak van die historikus H.D.F. Kitto nl. dat "om te verstaan is nie noodwendig om goed te keur nie maar dit kan nogtans geen kwaad om te probeer verstaan nie".

Deurgaans in die boek vind ons 'n feitlike weergawe van die gebeure in ons geskiedenis vanaf die aankoms van Jan van Riebeeck in die 17e eeu tot op vandag. Die bibliografie van twintig 20 bladsye is 'n teken van 'n wye belesenheid. Die outeur skroom nie om aan te haal uit publikasies met 'n duidelike politieke agenda, sowel van "links" as van "regs" nie. Sy bronne strek van bv. Dan O'Meara se "Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in te Development of Afrikaner Nationalism" tot by C. Spoelstra se "Ons volkslewe". Die resultaat is 'n fassinerende boek oor die wel en wee van die Afrikaner.

WAT IS 'n AFRIKANER?
Die hedendaagse debat gaan oor wie en wat 'n Afrikaner is. Wat is sy kenmerke en waarvoor staan hy? Dikwels is dit nie meer as 'n kwessie van semantiek nie, maar vir die verstaan van die boek is dit noodsaaklik oor wie dit gaan. Giliomee definieer aan die begin van sy boek 'n Afrikaner as iemand van Europese afkoms wat Afrikaans of Nederlands praat. Daarmee is die *skopus* van die boek bepaal: dit gaan oor die geskiedenis van die blanke Afrikaans sprekende deel van die bevolking wat sy taal en kultuur wil behou. Dit is die verhaal van wat die Afrikaner gedoen het en waarom hy dit gedoen het.
Die boek is derhalwe nie 'n Suid-Afrikaanse geskiedenisboek nie, dit gaan oor die oorlewing van die Afrikaans sprekende blanke bevolking vanaf die VOC tot op vandag.

KONFLIK
Dit is 'n stryd vir oorlewing. Reeds vanaf die begin vanaf die nedersetting aan die Kaap in 1652 was die burger vasgevang tussen die planne van die VOC en hulle eie ambisies. Die VOC het hoegenaamd geen territoriale aansprake, in die sin van kolonialisasie, gehad nie maar was slegs geïnteresseerd in die stigting en instandhouding van 'n verversingspos aan die suid-punt van Afrika om sy handelsvloot op pad van Amsterdam na Batavia en ander bestemmings van vars groente, vrugte en vleis te voorsien. Dit het spanning gebring tussen die "burgers" en die bestuur van die VOC, die "Here XVII".

Die geskiedenis is bekend, burgers het allengs verder van die Kaap weggetrek op soek na grond en bestaansmoontlikhede. Dit het die Afrikaner in aanraking gebring met die oorspronklike bewoners van die Kaap, die Khoi-Khoin, San en Hottentot met die gepaardgaande konflik oor besit van grond en vee. In 'n nugter oorsig beskryf die outeur die dinamika van die saamleef van die burgers en hierdie oorspronklike bewoners van die Kaap. Die geskiedenis is welbekend maar dit is beslis die moeite werd om weer 'n slag daarvan kennis te neem.

Ook binne die blanke gemeenskap het tweespalt gegroei, nl. dié tussen die "kosmopolitiese" Kaap – alhoewel op klein skaal – en die burgers wat boere geword het. Waar die stadsbevolking in die Kaap die voordele van 'n ontwikkelde 17e eeuse stadslewe geniet, het die Boer in afsondering op geïsoleerde plase geleef wat 'n duidelike verskil in die peil van ontwikkeling veroorsaak het. "Boere" het min gelees en slegs hul Bybel gehad terwyl van vroeg tot laat gewerskaf moes word om 'n bestaan te maak uit dikwels onvrugbare grond. Die gesofistikeerde kosmopoliet teenoor die onbeskaafde, of "agterlike" boer.

Die outeur beskryf die verdere verwikkelinge toe boere steeds dieper die binneland ingegaan het om konflik met die plaaslike bewoners te vermy en om te ontkom aan dikwels verstikkende voorskrifte van die VOC en latere gesaghebbers. Veral die geskiedenis van die distrikte Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet kry ruim aandag in Giliomee se boek. Die rol van landdros Andries Stockenström voor, tydens en na die grensoorloë en die Britse oorheersing tydens

die Bataafse Republiek word in besonderhede vertel. Met name sy groot rol in die stryd om die behoud van die Afrikaner en sy taal.

Ons weet dat grenskonflikte met swart bewoners van Suid-Afrika en onbillike behandeling deur die Britse owerheid uiteindelik gelei het tot die Groot Trek.
Giliomee se beskrywing van die geskiedenis van die Trek is nugter en saaklik. Onverantwoorde heraldiek wat die Voortrekkers dikwels toegedig word verloor sy glans. Wat oorbly is 'n verhaal van swaarkry, ellende en onderlinge struwelinge. Deurgaans wys die skrywer daarop dat rassisme geen rol gespeel het nie, wel die vrees vir "gelykstelling" met die swart bevolking wat dikwels as barbare beskou is. Hierby moet in gedagte gehou word dat die verhaal hom afspeel in die 18e en 19e eeu.
Uit die aard van die saak ontbreek 'n bespreking van die Anglo-Boere Oorlog nie. Die rol van Kitchener en Lord Milner word in detail bespreek en gee die leser 'n insig in die anti-Britse gevoelens wat vandag, veral by die ouer garde, nog heers. Sonder om die besonderhede van die Britse taktiek te bespreek, skep die skrywer 'n gevoel van onbehae as mens lees van konsentrasiekampe en sy slagoffers en die taktiek van verskroeide aarde.

Weer het dit gegaan om die bevryding van Britse oorheersing en bewaring van die Afrikaner se taal en kultuur. Die relaas van die "joiners", hendsoppers en bittereinders is fassinerend. Die rol wat die bittereinder boeregeneraals Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Louis Botha in die oorlog gespeel het, met hul betekenis in die latere politieke verwikkelinge, word op ewewigtige manier in die boek uitgespel.

Die skrywer se relaas verduidelik ook die simpatie vir die Duitsers in beide die Eerste en Tweede Wêreldoorloë by baie Afrikaners wat, terloops, dit vir die bewind onder generaal Smuts baie moeilik gemaak het.

APARTHEID

Na interessante en wye draaie deur die politiek vanaf Unie wording kom die skrywer uit by die ontstaan van 'n soewereine staat en die beleid van apartheid. Hierdie beleid is in hedendaagse literatuur voldoende gedokumenteer. Nogtans gee Giliomee se uiteensetting die indruk dat dit in eerste instansie nie om rassisme gegaan het nie maar eerder om, al weer, die behoud van 'n Afrikaner taal en kultuur. Aparte ontwikkeling, segregasie, of wat dit ook al genoem is, was die fokus van die politiek van die veertiger en vyftiger jare. Hierdie beleid was baie gekompliseerd vanweë die feit dat ook nog voorsiening gemaak moes word vir die arm blanke vraagstuk wat voortgespruit het uit die ekonomiese insinking van die dertiger jare en 'n volgehoue droogte.

Aparte ontwikkeling van die diversiteit van die SA bevolking is in die wiele gery deur 'n te klein toekenning van grond vir die swart bevolking en die afwesigheid van 'n beduidende nywerheid in of naby die tuislande. Ons weet tans hoe die beleid van apartheid hom die etiket van rassisme op die hals gehaal het. Nogtans is dit boeiend om te lees hoe die outeur dit beskrywe. Die ontwikkeling van swart bewussyn kry baie aandag in die laaste drie hoofstukke van die boek en is m.i. 'n nugtere weergawe van die feite.

Inmiddels het 'n omwenteling in die politieke denke van die Afrikaner plaas gevind. Toe die Broederbond in 1973 gevra is na die gewilligheid om meer "blanke" grond vir die konsolidasie van swart tuislande beskikbaar te stel was die antwoord oorwegend afwysend: landbougrond moes in produktiewe hande bly. "The white elite had to give the lead Here, but a comfortable middle-class life and a seemingly stable state made it less and less willing to make sacrifices for a political vision. White prosperity steadily undermined white domination." (p. 544)

Hierdie verswakking van die politieke wil het waarskynlik gelei tot die uiteindelike oorgawe van mag tydens die Kempton Park beraad. Die laaste hoofstuk van die boek vertel die verhaal hoe die ANC dit reggekry het om 'n eenvoudige demokratiese stelsel daar te stel met 'n gekonsentreerde swart meerderheid wat in beheer gekom het van 'n uiters gekonsentreerde staatsmasjinerie (p. 638).
Soos 'n gefrustreerde Afrikaner dit opgesom het "Ons het Suid-Afrika weg gestem en ons sal dit nooit meer terugkry nie."

TEN SLOTTE

Bostaande is net 'n weergawe van die hooflyn van Giliomee se storie. Daar is nog veel meer in sy boek wat die moeite werd is. Die rol van die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde (Dopper) Kerk kom ter sprake. Besonder interessant is die konklusie dat die vertaling van die Bybel in Afrikaans 'n belangrike hupstoot was om die Afrikaanse taal te orden sodat dit sy eie grammatika en idioom gekry het. Sending het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van Suid-Afrika. Die invloed van die London Missionary Society (LMS) en John Philip, sy vernaamste spreekbuis, kan nie onderskat word nie. Ook die invloed van die Broederbond word by meer as een geleentheid aangehaal. Ook word die Bond gestroop van die gedagte dat dit 'n orgaan was wat, as 'n hoogs geheime organisasie, agter die skerms dinge gemanipuleer het. Ook vandag se regstellende aksie is niks nuuts nie. Dié beginsel is in die dertiger jare en later ook toegepas om die verarmde blanke Afrikaners te bemagtig.

Toenemende indiensneming van blankes in die staatsdiens en veral

die SA Spoorweë is 'n voorbeeld van wit ekonomiese bemagtiging. Wat is werkreservering anders as regstellende aksie? Ander voorbeelde is die tot stand koming van Sanlam, Santam, die Nasionale Pers en die beheer oor die SAUK. Laasgenoemde is in die verlede ook skaamteloos gebruik om die owerheid se politieke agenda te propageer (p. 525).

Nogtans is die verhaal van die Afrikaner nie 'n verhaal om skaam oor te wees nie. Daar was swakhede en heroïese momente, glorie en verval. Kortom, 'n verhaal van 'n volk wat deur turbulente tye gegaan het.

Die boek word van harte aanbeveel, veral aan diegene wat hom of haar wil identifiseer met die geskiedenis van die Afrikaner.

Ongelukkig is die boek in Engels geskryf maar ek verstaan 'n Afrikaanse uitgawe word beplan. ¤

GELOOFWAARDIG VIR WIE?

Prof. J. van Bruggen

AKTUEEL

In die vorige twee artikels het ons die vraag bespreek of die Bybelteks *as sodanig* nog betekenis het vir vandag se tyd. Ons kan die vraag ook van 'n ander kant benader: *vir wie* het die Bybelteks betekenis? Die bruikbaarheid en geloofwaardigheid van 'n teks het immers ook met die houding van die leser te make.

Die leser se belangstelling en vooroordele bepaal dikwels ook die persoonlike antwoord op die vraag of ou geskrifte vandag nog "aansprekend is" en "vir ons iets te sê het". Dit is ook in die algemeen so. Ou boeke oor Sjinese genesingsmetodes sal as uitgediend beskou word deur enigiemand wat die moderne, Westerse anatomie as absolute uitgangspunt neem, maar dit word dikwels nog as baie waardevol en bruikbaar beskou deur aanhangers van alternatiewe genesingsmetodes. 'n Ander voorbeeld: As 'n mens die geskiedenis van die kolonialisme en die slawehandel bestudeer, sal dit moeilik wees om nie deur die skuldlas van die verlede beïndruk te word nie, maar 'n rassis sal waarskynlik geneig wees om die impak van die verlede te ontken.

Wat reeds in die algemeen geld, geld op 'n besondere manier ook vir die Bybel. Christene sal vanselfsprekend meer geneig wees om blywende betekenis in die Bybel te soek as Moslems of ateïste. Maar dit neem nie weg dat daar vir almal 'n probleem is nie. Wat die Skrifte aan ons openbaar, druis dikwels teen die persoonlike mening van die leser in. Gevolglik word die leser voor 'n keuse geplaas: óf die Bybel is heeltemal uitgediend, óf die Skrifte vra dat ons ons idees en houdings verander.

BEKERING

Dit betref in die eerste plek die Bybel se universele oproep tot bekering, tot terugkeer na God en sy gesag oor ons lewe. Hier vra die Bybel 'n ingrypende keuse van die leser, en daardie keuse sal die lees beïnvloed. As iemand daarvoor terugskrik om homself so aan die Skepper oor te gee, sal sy opstelling ten opsigte van die teks outomaties meer afstandelik wees. Hierdie afstandelikheid kan na vore kom die vorm van 'n bewering oor die 'uitgediende' boodskap van die teks.

In die tweede plek is daar 'n reeks van voorstellings in die Bybel wat nie maklik in die wêreldbeskouing van die (moderne) mens inpas nie en wat ook nie maklik wetenskaplik geverifieer kan word nie. Dink byvoorbeeld aan die bestaan van 'n hemel met engele, die aggressie van die kant van God se teëstander, die Satan, en die verhouding tussen die sigbare en die onsigbare wêreld. Verder is daar in die Bybel ook baie gebeurtenisse wat vanuit moderne wetenskaplike kennis nie verstaan kan word nie, byvoorbeeld 'n byl wat dryf of die Rooi See wat opdroog, die onmiddellike genesing van baie siekes en die opwekking van dooies.

Dit is onmoontlik om uit die totaliteit van al hierdie voorstellings en gebeurtenisse 'n soort universele boodskap los te wikkel wat dan die sentrale boodskap van die Bybel sou wees. Laat ons dit by voorbaat besef. Baie mense dink dat dit moontlik is om die skeppingsverhaal en die verhaal oor die sondeval simbolies te verstaan. Verder moet dan ook die wonders simbolies verstaan word. Sommige meen dat ook die maagdelike ontvangenis van Jesus nie langer deel van die Christelike belydenis kan wees nie. Maar waar stop dit? Die geloof in die opstanding van Jesus veronderstel tog ook dat 'n mens in 'n ander, onsigbare wêreld glo en in kragte wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie. Maar as Christus nie werklik opgestaan het nie, dan is ons die ellendigste van alle mense (1 Kor. 15:17-19).

Ons kan daarby verbykom nie: Die Bybelse tekste veronderstel dat ons aanvaar dat daar 'n onsigbare werklikheid is. Slegs die persoon wat by voorbaat die bestaan van hierdie onsigbare werklikheid aanvaar, kan die Skrifte as gesaghebbende tekste lees. Wie nie bereid is om hierdie vertrekpunt te neem nie, sal op die ou end die gesag van die Bybel totaal en al ontken.

BLINDDOEK?

Moet ons dan ons verstand blinddoek as ons die Bybel lees? Of moet die intellek opgeoffer word? Dit sou die geval wees as die Bybelse boeke op menslike insig berus. Die teendeel is waar. Die skrywers weet dat hulle mag skryf oor iets wat vir mense verborge is. Hulle nooi ons om te glo in dinge wat ons hoop en wat ons nie kan sien nie (Hebr. 11:1).

Die onsigbare werklikheid en die kragte wat daarmee verbonde is, kan ons nie inpas in wat gesien en wetenskaplik ondersoek kan word nie. Die onsigbare wêreld staan

buite die ondersoekmoontlikhede van die mens, ook al beskik hy oor die mees verfynde mikroskope en die mees ontwikkelde teleskope. Eens, toe die koning van Aram die dorpie Dotan beleër het om die profeet Elisa gevange te neem, het die situasie uitsigloos gelyk. Die dienaar van Elisa het uitgeroep: "Ag, my heer, hoe sal ons maak?" Maar dan bid Elisa dat die HERE die oë van sy dienaar sal open en meteens sien hy dat die berg "vol perde en waens van vuur rondom Elisa" is. Hierdie ander werklikheid verdring op daardie oomblik nie die sigbare werklikheid van die berg nie: dit neem niks ruimte van ons ruimte weg nie. Tog is dit gelyktydig daar, ook al is dit onsigbaar vir mense (2 Kon. 6:15-18).

Daar is 'n wêreld wat hoër is as die deel van die skepping wat vir ons sigbaar is. Wie die Bybel wil lees, moet homself nie vir daardie onsigbare wêreld van God afsluit nie. Die vraag of Bybelse geskrifte vir ons nog waarde en gesag het, word tot 'n groot mate bepaal deur die



vraag in hoeverre daar by ons 'n openheid is vir die geheime van God. As daardie openheid ontbreek en as ons ons wil beperk tot geloof in dit wat gesien word en wat deur mense bewys kan word, dan het die Bybel sy waarde vir ons verloor. Die vraag is wel wie of wat dan nou eintlik onbruikbaar geraak het: die Bybel of die (post)moderne mens?

KONKLUSIE

Aan die einde van hierdie reeks artikels trek ons die konklusie: Dat die tye verander het en dat daar 'n ander wêreldbeskouing is, is nie genoeg rede om ou geskrifte by voorbaat as uitgediend en verouderd te beskou nie. Dit sou impliseer dat 'n mens jou eie idees tot ewige waarhede verhef, en dat 'n mens jouself vir die wysheid van vroeëre geslagte afsluit. Dit geld sekerlik ook by die Bybel: 'n boek wat ons ontvang het danksy die spreke van heilige mense wat deur die Gees van God gedrywe is, en wat handel oor sigbare én onsigbare dinge.

Hierdie artikel – die laaste in 'n reeks van drie – is 'n vertaling van 'n deel van hoofstuk 2 van die boek 'Het kompas van het Christendom' van dr. J. van Bruggen, uitgegee deur Kok, Kampen, 2002 (bl. 79-83). Die outeur en die uitgewer het toestemming gegee vir vertaling en publisering in Kompas. Oorname van hierdie artikel is slegs toegestaan met toestemming van die uitgewer. Die vertaling is gedoen deur dr. A.J. de Visser. ¤

Oefening in die Godsvrug

- Een ding is noodsaaklik! (Luk. 10:38-42) -

Ds J van der Linden

LEER EN LEWE

Ken ons nie almal die gevoel van 'n besige program nie? Honderde dinge wat op 'n mens afkom. Jy weet nie altyd meer presies waar om te vat en waar om te los nie. Prioriteite moet gestel word. Ook nie so eenvoudig nie! Sekere take moet afgewys word. Daar is net nie tyd vir alles nie. Ook in die kerklike lewe kan dinge so bedrywig gaan dat jy in die hardloop omtrent oor jou eie voete val.

Dit is in so 'n konteks dat die Here Jesus ook vir ons weer wil herinner: Een ding is noodsaaklik! In my hele lewe met al sy ervarings en opdragte, kom alles net op een ding neer. Teenoorgestelde: Alles is nutteloos, ja my hele lewe is nutteloos as hierdie een fundamentele saak ontbreek.

So kom vereenvoudig Christus ons komplekse lewe weer vir ons. Net een ding is noodsaaklik: om aan die voete van Christus te gaan sit, een eerbiedig na Hom te luister.

MARTHA

In Luk. 10:38-42 lees ons dat die Here Jesus en sy dissipels by Martha en Maria kom kuier. Dit beteken dus 'n huis vol mense. Martha spring dadelik aan die werk. Vir haar is dit 'n groot eer om haar Meester in haar huis te mag ontvang! Sy wou 'n pragtige feesmaal vir Hom aanrig. Vir haar was die mooiste dat sy Hom kan dien met al haar gawes en goed. Die Here Jesus het onlangs nog die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel (Luk 10:25-37). Daar is vertel hoeveel 'n Samaritaan bereid was om vir 'n Jood te doen. En dit vir 'n volk wat hy geleer is om te haat. Hoeveel te meer sou Martha nie wou doen vir haar geliefde Verlosser nie?! Sy is bereid om alles in sy diens te gee. Martha toon werklike ywer in die diens van die Here.

Met so 'n huis vol mense moet sy heen-en-weer hardloop om alles gedoen te kry. En soos wat al hoe meer dinge op 'n punt begin kom, begin sy onrustig raak. So baie dinge om te doen, en ondertussen help haar eie suster haar nie eers nie! En dan bereik dit 'n punt dat sy dit net nie meer kan dra nie. Haar Meester, Heer en Koning, Hy is dit tog waardig dat mense Hom bedien met 'n fees? Hy vra tog diens? Maar hierdie taak het nou alles te veel vir haar geword.

Met hierdie swaar las gaan Martha na die Here Jesus. Dit wys ons dat dit haar nie in die eerste plek net gaan oor 'n bietjie hulp wat sy nodig het nie. Anders sou sy direk na Maria gegaan het. Martha

worstel met wat sy dink die Here Jesus van haar verwag. Al hierdie honderde dinge wat sy moet doen, sy kan onmoontlik doen wat die Here Jesus van haar sou vra! Die druk van Jesus se take-pakket is volgens haar te groot om self te kan dra.

MARTHA EN MARIA

Stilweg kan ons soms wens dat ons meer mense soos Martha in ons gemeente gehad het. Dit is ten minste mense wat werk. Hulle weet om dinge aan te pak. Daar is 'n gewilligheid om moeite te doen. Is dit nie wat ons dikwels mis in die kerk nie? Werklike ywer in diens van die Here! Onsself sou Martha miskien glad nie so sterk aanspreek soos die Here Jesus gedoen het nie.

Al te gou word die verskille in die kerk (soos tussen Martha en Maria) gesien as karakterverskille. Die een sit nou maar moeilik stil en is altyd aan die gang (Martha), en die ander is meer 'n denker (Maria). Die een hou daarvan om fisies dinge te doen, die ander hou van studeer. En die een is dan handig om met die kerkgebou en die moederkomitee te help, en die ander kan weer dink as daar sg. geestelike vrae in die kerk is.

EEN DING NOODSAAKLIK

En tog is dit glad nie waaroor hierdie gedeelte van Martha en Maria gaan nie. Waarskynlik bestaan hierdie tipe karakterverskil tussen Martha en Maria. En tog het die Here juis nodig om Martha liefdevol te vermaan. Martha, Martha! Want Martha het verkeerd gekies! Die feit dat sy ywer in diens van die Here word nie verwerp nie. Maar sy het 'n totaal verkeerde beeld van wat die Here Jesus van haar verwag! Toe Hy daar in haar huis gekom het, was dit nie tyd om te bedien nie, maar was dit tyd om bedien te word. Nie sy is gasvrou nie, Jesus is gasheer!

En dit is die goeie deel wat Maria gekies het. Want sy het verstaan: Elke geleentheid wat Christus spreek, moet ten volle benut word. Dit wat Christus spreek is die noodsaaklike waardeur 'n mens kan lewe. Daarom het Maria ook eerbiedig en gelowig as leerling by die Here Jesus gaan sit. Sy het haar Meester se woorde ingedrink. Dit rustig oordink. Belofte na belofte omhels. Alles rondom haar kon vergaan. Om so te kon luister het voorop gegaan! Dit het alles oortref, ook die noodsaak om haar suster te help.

Martha was bedrywig met duisende dinge, maar die een ding wat werklik noodsaaklik was, het sy misgekyk. Martha het haar hande vol gehad met al haar take, en tog was haar hande leeg. Sy het haar Meester in liefde en opregtheid gedien, en tog was dit 'n diens wat Hy moes verag en verwerp.

HOOR ÉN GE-HOOR-SAAM

Martha moes leer dat swaartepunt van ons diens aan die Here nie lê in ons aktiwiteit nie. In diens van die Here is dit nie so dat die 'hoor' min waarde, en die 'ge-hoor-saamheid' baie waarde het nie. Dit gaan vir die Here Jesus in ons gedeelte dan ook nie daaroor om luister en doen teenoor mekaar af te speel as belangrik en onbelangrik nie. Dit gaan vir Hom wel oor die volgorde. Bepalend is hier die verhouding tussen luister en doen.

Martha moes sien: Dit was eers tyd om te luister. Daarmee begin die diens aan die Here. Dit is die fondament waarop ons kerklike lewe gegrond moet wees. Dit is die bron van my ywer aan die Here. Vir die boom om goeie vrugte te dra, is dit nodig dat sy wortels eers die nodige versorging ontvang. Ons leef nie as kerk uit en deur ons aktiwiteite nie. Ons lewe lê in die luister na die sprekende God. So is ons kerk uit die geloof!

Ware diens aan die Here word dan ook gebore uit die voortdurende gelowige luister na God se stem. God self wat my toespreek en aanspreek. Dit is waar ere-diens sy oorsprong en voedingsbodem het! Dit is dan ook 'n absolute valse teëstelling wanneer luister en doen teenoor mekaar geplaas word. Dit gaan selfs in teen God se Woord wanneer ons luister en doen enigsins wil skei.

In my hoor is ek gehoorsaam. In my daad van gehoorsaamheid is ek horende.

En daarom, wanneer ek luister en nie (worstelende!) gehoorsaam nie, dan het ek nie werklik gelowig geluister nie. En wanneer ek doen sonder dat ek eerbiedig geluister het, dan is my werke nutteloos. Laat ons ook hierin nie gaan skei wat God saamgevoeg het nie! Eensydighede breek hier juis die krag van God vir ons lewens!

GOD GEE WAT HY VRA

Die Here Jesus wys nie net vir Martha dat sy verkeerd gekies het nie. Hy het help haar ook reg in haar sig op sy diens. Sy gaan onder in die swaar las wat sy moet dra om diensbaar te wees. Die take is vir haar te veel. In plaas van vreugde in sy diens, ondervind sy onrus. So 'n ervaring van Martha is ons glad nie onbekend nie! Is stress nie juis die groot monster wat vandag sy duisende verslaan nie, ook in die kerk? Bring gespannendheid en oor-spannendheid nie dikwels 'n tipe depressie met hom mee nie? Kry ons nie soms ook die gevoel dat ons oorweldig word deur take en verantwoordelikhede nie? Het my lewe nie oorgewig geword nie? En dan neem die Here Jesus skielik as 't ware hierdie hele lading by ons weg. Een ding is waarop alles aankom. Al hierdie dinge in jou lewe mag jy eenkant skuif, en net hierdie een ding doen: Luister na God. In my hele lewe net een sentrale opdrag! En wanneer ek dan hierdie een ding doen, dan groei daaruit die krag en blydskap en bekwaamheid vir my daaglikse werk en diens in sy gemeente. Deurdat ek gehoorsaam die een taak goed doen, word ek nou ook deur God gedra in my veelheid van ander take. Want die diens wat God van my vra, dit gee Hy aan my in die intensiewe luister na sy Woord. Martha het onrustig geword. Sy het haar vasgekyk in dit wat God van haar vra. En dit het haar oorweldig. Maar wie begin by dit wat God in Christus aan ons gee, vind rus vir sy lewe. Ook in dit wat God vra. Want Hy vra nooit van sy kinders dit wat Hy nie in die eerste plek ook aan hulle gee, nie.
Hy bedien alles wat nodig is sodat ons kan dien. Daarom dat die luister na sy Woord (die oefening in die Godsvrug!) ook onmisbaar is in 'n ywerige en vrugvolle lewe met

die Here. Daarom dat daar altyd rustige ywer in diens van die Here is.

OPVOEDING

Luister na God se Woord. Dit is die een noodsaaklike ding vir my lewe. En dus ook vir die lewens van ons kinders! As ouers moet ons besef dat die lewe hier aan luister verbind word. Dit hou m.i. in elk geval twee dinge in vir ons opvoeding.

Allereers dat ons ons kinders ook leer dat hoor en gehoorsaamheid bymekaar hoort. Ons weet hoe dit kan voel wanneer ons kinders nie wil luister nadat ons al 'n paar keer met hulle gepraat het nie. Dan voel 'n mens sommer lus om op te gee en dit maar self te gaan doen, of om nie weer met hulle oor die saak te praat nie. Maar dit is juis hier waar ons ons kinders ook die erns van die woord (Woord!) moet leer! Woorde het vir ons kinders se lewens die grootste waarde! Dit beteken nie dat ons slawedrywers moet word wat dadelik aggressief word as kinders nie spring as ons

praat nie. Ook hier geld (soos by die Here): Spreek die kinders weer aan, bemoedig, troos, en ook: vermaan. Dit het gevolge vir ons lewe as ons nie luister nie! As ons kinders dit nie by die huis sien nie, dan kry hulle ook nie die regte houding mee vir hulle lewe in die Huis van Vader, nie.

Die tweede saak het te doen met die tyd waarin ons kinders leef. Ons kinders word groot met televisie en rekenaars. In baie opsigte is die fokus vandag op die sig van ons kinders. Dit sal goed wees as ons dit onderken, en ook werklik moeite doen om ons kinders te leer om regtig goed te kan luister, begryp en onthou. Dus: 'n fokus op die ore. Uiteindelik is dit tog die middele wat hulle nodig het om daardie een noodsaaklike opdrag van God uit te voer?! Daarom kan ons rustig ook 'n punt maak om hierdie dinge by ons kinders aan te help en te verbeter. Miskien dat ons gereformeerde skole ook hierin kan help en ouers idees gee.

Om werklik te luister, moet jy leer. En in God se diens is dit die heel belangrikste wat ons ons kinders kan leer! DV hoop ons om volgende keer aandag te gee aan wat dit inhou om te luister.

Geseënd is hy vir wie hierdie boodskap nie te min, te eenvoudig, te kinderlik is nie! ¤

SAMEWERKING IN DIE AMPSDIENS (II)

Ds Rob Visser

KERKREGERING

Ons het die vorige keer vanuit die Skrif gesien hoe die ampte van leraar, ouderling en diaken uit die apostel-amp voortkom. In die apostel-amp was hierdie drie ampte eers een. Dit is belangrik om vanuit hierdie eenheid ook na die verskeidenheid te kyk en die praktiese gevolge daarvan raak te sien.

Dit is goed en heilsaam om steeds weer op die eenheid in die ampte ag te gee. Nogtans mag die eenheid nie die verskeidenheid van take en opdragte dooddruk nie. Elkeen het in sy amp 'n eie verantwoordelikheid van en vir die Here gekry.

As dit om die leraar gaan is dit veral die verantwoordelikheid vir die prediking en die verdere onderwys in God se Woord. Hy is ook saam met die ouderlinge geroep tot verdere versorging en regering van die gemeente. Hierby behoort ook die toesig oor en die tug in die gemeente. Die ouderlinge moet so saam goeie leiding aan die gemeente gee.

Die goeie leiding aan die gemeente word nie op hierdie punt van die diakens gevra nie. Dit wil nie sê dat op sekere punte die advies van die diakens nie van groot waarde kan wees nie. Nogtans moet die ouderlinge op hierdie punte besluite neem en is hulle daarvoor verantwoordelik. So het dit in die gereformeerde kerkregering gefunksioneer. 'n Illustrasie daarvan is die besluit van die Partikuliere Sinode van Zuid-Holland in 1644 waarmee die ander Partikuliere Sinodes saamgestem het. In die kerkraad van Rotterdam was daar onenigheid. Die diakens daar was van mening dat hulle saam met die ouderlinge moet besluit oor die uitbreiding van die aantal ouderlinge in die gemeente. Die Partikuliere Sinode se uitspraak is: *"dat dese ende diergelijcke stucken de regeringe der kercken aengaende, den diaconen nie toe en kommen, noch volgens Godts Woort, noch volgens het formulier harer bevestinge, noch ook volgens voorgaende synodale resolutiën. Ende wat aangaet den 6 Art. Synodi Embdensis 1571, blijckt uyt den naerder verclaringe daervan in Synodo Dordracena 1574, Art. 4, dat se dan eerst in diergelijke saken hebben te adviseren, wanneer sij van de kerckenraat daertoe geroepen worden."*

Die diakens se taak is 'n eie taak. Die diakens se taak is om die vrede van Christus in hulp en vertroosting uit te dra. Die diakens se taak is ook om die gemeente so te help en te stimuleer dat die gemeente Christus se lig ook buitentoe uitleef. Die diakens het hierby hulle eie besluitreg en verantwoordelikheid gekry. Ons sien dit ook raak in die artikels 22 en 40 van

ons Kerkorde. Ons het daar saam afgespreek: “Die taak van die diakens is om die diens van barmhartigheid te verrig. Deur huisbesoeke te doen, sal hulle hul op die hoogte stel van die moeites in die gemeente. Waar nood is, sal hulle help en bemoedig, en ook die gemeentelede aanspoor om hulp te verleen. Verder sal hulle die liefdegawes insamel, dit goed beheer en na gesamentlike oorlegpleging na behoefte uitdeel.” Art. 40: “Die diakens sal gereeld vergader om, onder aanroeping van die Here, die diakonale sake te behandel. Hulle sal aan die kerkraad van hul beleid en beheer verantwoording doen.” Die laaste sin beteken nie dat die ouderlinge oor diakonale sake en hulpaanvrae besluite neem nie. Dit gaan daaroor dat vanuit ’n goeie verhouding met mekaar van die algemene beleid en beheer verantwoording gedoen word aan hulle wat oor die gemeente regeer. Hoe kan ons nou prakties in alle verskeidenheid vorm daaraan gee dat ons saam saamwerk om die gemeente van Christus te dien?

ENKELE KONKRETE AANWYSINGS

Dit gaan in die saamwerk as ampsdraers om ’n innige samewerking in Christus se diens. Ek gebruik met opset die woord innig. Dit gaan hier naamlik om ’n noue samewerking wat deur die liefde vir Christus gedra behoort te word. Dit gaan om Christus en nie om onsself of ons amp nie. ’n Saak waarby hierdie samewerking duidelik na vore kom is die talstelling. Somtyds hoor ’n mens iemand sê: “Sou dit nie beter wees dat dit net deur die ouderlinge gedoen word nie. Die ouderlinge weet van dinge wat vertroulik is en die diakens nie weet nie.”

Hierdie redenering doen kort aan die saam as broers die goeie vir die gemeente soek. Hierdie redenasie hou te min rekening met die onderlinge vertroue wat daar onder die ampsdraers behoort te wees. Hulle behoort hiervan voorbeelde vir die gemeente te wees. By die talstelling kan daar die oomblik kom dat by die bespreking van ’n sekere naam deur die praeses of ’n wyksouderling gesê word: Broers daar is beslissende redes waaroor ek nou nie verder kan praat wat dit onmoontlik maak dat hierdie broeder nou ampsdraer kan word. Waar Christus se liefde woon, is hierdie woorde geen probleem nie. Een van die redes hoekom dit belangrik is dat die diakens ook by die talstelling betrokke is, is dat juis dan daaroor gepraat word wie die gemeente nou as ouderling en diaken nodig het. Dit kan by ’n goeie oorleg selfs daartoe lei dat iemand wat al eendag ouderling was nou as kandidaat vir die diakenskap op die tal verskyn. Dit het niks met een of ander degradasie te make nie. Dit kan ook beteken dat na ’n goeie gesprek die vergadering daarvan oortuig raak dat ’n broeder wat jy graag as diaken sou hê, nou meer nodig is om as ouderling in die gemeente te dien. Dit moet vir ons steeds om die belang van Christus se gemeente gaan. Dit vra juis om ’n oop gesprek op die kerkraad.

Die oop wees na mekaar is van die grootste belang. Dit beteken dat onder die ampsdraers Christus se liefde moet heers. Daarom is dit so belangrik dat die ampsdraers manne vol van die Heilige Gees is. Hierdie openheid moet daar ook wees tussen diakens en ouderlinge wat in dieselfde wyk werk. Die openheid moet daar ook na en van die leraar se kant wees.

As ’n diaken sekere probleme in ’n gesin opmerk wat nie diakonale sake is, sal dit goed wees dat hy met die wyksouderling en/of die leraar daaroor gaan praat. Om saam daaroor te praat of dit al bekend is en wat saam gedoen kan word om in die regte rigting met hierdie gesin te werk.

Die leraar en die ouderlinge sal op dieselfde manier met die diakens behoort te werk. Ook as dit nodig is om ’n broer of suster amptelik te vermaan en die tug toe te pas. Dan is dit goed om die wyksdiaken op die hoogte te stel om te voorkom dat die diaken gebruik word om verkeerd van die ouderlinge te praat. Dit is ook nodig sodat die wyksdiaken sekere reaksies van die broer of suster beter kan verstaan. Dan kan die diaken vanuit sy ervaring met daardie lidmaat van die gemeente ook by die gesprek betrokke raak oor wat nou verder moet gebeur. Ek kan my goed indink dat as oor die tug aan ’n sekere lidmaat van die gemeente gepraat moet word, die wyksdiaken op die vergadering van die smal kerkraad genooi word om sy bydrae in die oorleg te gee. Om die ouderlinge met sy insig en advies te dien. Die besluit bly die besluit van die smal kerkraad. Hulle bly teenoor die HERE verantwoordelik. Dit behoort so te wees dat die wyksdiaken daarvan weet as iemand in sy wyk van die Nagmaal afgehou is of verder onder tug gestel is.

Dit is ook baie belangrik dat preekbesprekings op gereelde basis tydens kerkraadsvergadering plaasvind en dat die diakens met hulle wysheid daar ook hulle insette kan lewe. Dit is vir die leraar en daarmee vir die prediking van die grootste belang om deur al die ampsdraers daarin ook gehelp te word.

Dit behoort duidelik te wees dat oorleg en kontak tussen diakens, ouderlinge en leraar van baie groot belang geag moet word. As ons dit nie doen nie, dien ons die opbou van Christus se gemeente nie met genoeg sorgvuldigheid nie. Hierby is openheid vanuit die saamwerk aan die vrede van Christus in die gemeente beslissend. Die vrede van Christus behoort tussen die ampsdraers sigbaar te wees in hartlike vertroue in mekaar. Vertroue vanuit die gesamentlike liefde van Christus en vir sy gemeente. Ek het nou net enkele sake aangeraak. Ek vertrou dat dit genoeg is om ’n verder nadink hieroor te bevorder.

Hierdie artikel is die tweede deel van die weergawe van ‘n lesing wat in 2002 op ‘n konferensie van diakens van die Vrye Geref. Kerke gehou is. Die eerste deel het in die Julie-uitgawe verskyn. ¤